TYDSKRIFTE-AFDELING
J. S. GERICKE - BIBLIOTEEK
STELLENBOSCH
31-10-1984

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXX Nr. 11

DONDERDAG, 25 OKTOBER 1984

## SAAK

# Boesak bid om geregtigheid

DIE Christene van Suid-Afrika moet "massaal in opstand kom" teen die Apartheidsbeleid en bid vir die val van die regering, het dr. Allan Boesak Vrydag by 'n vergadering van die Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring (SAAK) gesê.

Dr. Boesak, voorsitter van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke en beskermheer van die UDF, het voor 'n gehoor van sowat 400 mense in 'n oorvol hoofsaal van die Ou Hoofgebou gepraat. Aanhoorders het op die grond gesit en by deure en vensters ingepeul om na die NG-Sendingkerkpredikant te luister. 'n Vyftigtal mense moes wegdraai weens gebrek aan ruimte.

Volgens dr. Boesak lê die legitimiteit van die staat slegs in die beoefening van geregtigheid. Waar dié geregtigheid ontbreek "ondergrawe die regering sy gesag, nie deur die anargie van ander nie, maar deur sy eie daad".

Hy het gesê dit is duidelik dat die huidige bestel nie voldoen aan die legitimiteitsvereistes van òf demokrasie, soos deur die tydsgees vereis, òf geregtigheid soos deur die Bybel gestel nie. Syns insiens is die eer van God aangetas deur die diskriminerende wetgewing, "verafgoddelikking" van Blankes, skewe ekonomiese verdeling en die regering se plakkersbeleid.

"Solank die Suid-Afrikaanse regering gebaseer is op ongeregtigheid, ongelykheid en onmenslikheid, sal Christene bid dat God Suid-Afrika 'n ander regering gee," het dr. Boesak gesê. Hy het die pad van "geweld en rewolusie" verwerp.

Hy het egter gewaarsku dat as daar nie 'n "menslike antwoord" van regeringskant kom op die strategie van geweldlose weerbaarheid nie, dit 'n "bondgenoot van die onderdrukkersideologie" word. Hoewel hy self aan geweldloosheid toegewy is, sal hy "sagkens, maar ferm" op die kant geplaas word as die geweldloosheidstrategie nie effektief is nie en daar moet besluite geneem word.

Hy stel dit egter aan beide "gewelddadige versetters" en "'n regering wat regeer met die grasie van die geweer" dat "as ons deur riviere van bloed gegaan het, daar niemand oor sal wees om ons mee te versoen nie". Volgens hom is die grootste probleem nie "nie-Christene wat tot geweld wil oorgaan nie, maar Christene wat geweld nie wil laat staan nie."

Dr. Boesak het gesê dat die UDF in die afgelope jaar 'n "geweldlose en duidelik geartikuleerde" stryd teen die regering gevoer het. Sy aanwesigheid in die UDF kom uit sy Christelike opvattings. In die UDF kan mense sien dat die Bybel "nie alleen as instrument van onderdrukking gebruik kan word nie, maar 'n Bevrydingswoord kan wees."

Op 'n vraag oor die moontlike verbanning van die UDF het dr. Boesak gesê dat Suid-Afrika sou leef om spyt te wees oor só 'n stap. Hy kan dit nie keer nie, maar dit sou "elke moontlikheid van hoop en versoening doodsmoor."

Toe hy gevra is hoe die "vrees-faktor" van Blankes oorbrug moet word het dr. Boesak gesê dat hy dié vrees begryp. "Die meeste Blankes is egter bang dat as die bordjies verhang word, ons met u sal doen wat u doen aan ons." As dít gebeur, "dan sal Stellenbosch boikot."

Sý antwoord was dat almal moet besef "ons is in 'n land saam met mekaar en ons sal moet saamwerk en help soek na die oplossing vir ons land."

"Ons sal van die begin af mense moet leer wat demokrasie is en wat respek vir menseregte en menswaardigheid is."



Dr. Allan Boesak het Vrydagmiddag sowat 400 studente tydens 'n SAAK-vergadering toegespreek. Die onderwerp van sy toespraak was 'Die Staat en Geregtigheid'.

# SP aanvaar Swartes se huurpag eenparig

'n MOSIE wat die verlening van 99 jaar-huurpagregte aan Swartmense van Wes-Kaapland verwelkom is Maandagaand eenparig deur die Studenteparlement (SP) aanvaar.

Die mosie, voorgestel deur mnr. Derick de Villiers, SP-lid vir Libertas, lui verder dat die SP die beskikbaarstel van behuising en ander dienste vir Swartes in Khayelitsha "belangrik ag", en dit bepleit dat Swartes ook verteenwoordiging op plaaslike verhoudingskomitees verkry. In die mosie is ook gevra dat Swartes "buite die tuislande" ingeskakel moet word by grondwetlike ontwikkeling.

In sy motivering het mnr. De Villiers gesê dat daar 'n nuwe gesindheid, gekenmerk deur 'n "soeke na konsensus" by Suid-Afrikaners moet ontwikkel. Volgens hom is die nuwe bedeling en die hoë graad van samewerking tussen verskillende groepe in die Parlement voorbeelde van wat so 'n gesindheid kan bereik.

In 'n verwysing na 'n onlangse toespraak voor SAAK van dr. Allan Boesak, het mnr. De Villiers gesê dat só 'n gesindheid teengewerk word deur "uitlatings" dat "ons . . . Regering . . . kwansuis nie tot eer van God regeer nie" en deur van Kruispad te praat "sonder om van die positiewe soos Khayelitsha en sy suksesse te noem".

Volgens mnr. De Villiers moet die regering se huidige beleid slegs as 'n begin gesien word, en moet "die grootste hekkie of hindernis nog oorbrug word": die Swartmense moet nog geïnkorporeer word. Volgens mnr. De Villiers is die regering besig om juis aan hierdie probleem aandag te skenk en is die erkenning van die Swartmense in Wes-Kaapland 'n teken hiervan.

Mnr. De Villiers het 'n amendement deur mnr. Johan Bell, SP-lid vir Pieke, aanvaar. Volgens hierdie amendement erken die SP dat die verlening van 99-jaar huurpagregte aan Swartmense in die Wes-Kaap die begin is van die toestaan van permanente verblyfregte aan stedelike Swartes.

In antwoord op 'n vraag van mnr. Frank Raymond, SP-lid vir Oude Molen, of hy al in Khayelitsha of Kruispad was het mnr. De Villiers gesê dat hy al in Kruispad was en dat dinge so erg is dat as daar 'n brand uitbreek, selfs die "A-team" dit nie sou kon blus nie.

## SAAK

Spreker: **Dr. Beyers Naudé.**
Onderwerp: "Die Afrikaner en sy rol in die proses van verandering".
Plek: Die GAT
Tyd: Donderdag 25 Oktober (vanaand) om 19h30.
Almal welkom.

# Prof. Van Wyk kry nuwe pos

PROF. Andreas van Wyk, tans dekaan en dosent van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die US, is pas aangestel as Direkteur-Generaal van die Departement Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning van min. Chris Heunis.

Prof. Van Wyk beëindig hiermee sy 25-jaar lange verbintenis met Stellenbosch, wat hy begin het toe hy hom as regstudent ingeskryf het. In die jare daarna het hy hom as uitstekende dosent en regsgeleerde onderskei. Deur studente en kollegas word hy as onvervangbaar beskou.

Prof. Van Wyk beskou sy nuwe werk as 'n groot uitdaging. Gelukkig sal hy darem nie heeltemal verlore vir Stellenbosch wees nie, aangesien die Van Wyks gedurende die maande van die Parlementsitting wat hulle in die Kaap moet vertoef, in hulle huis op Stellenbosch sal woon.



Die sestien Mej. Matieland-finaliste in die gewone volgorde: Agter: Ilse Dreyer, Virginia Pratten, Marietjie van der Westhuizen, Nikola van der Merwe, Rykie Oosthuizen, Carla de Miranda, Annatjie Momberg. Voor: Sabina Faustman, Fran Phillips, Cathy Ward. Die finaliste is gekies tydens 'n geselligheid op mnr. Robbie Blake se plaas, Libertas. Mej. Matieland en haar twee prinsesse sal op 22 Februarie by die kroningsbal bekendgemaak word.

# ANSOC kritiseer 'toe-stem'

DIE Anglican Students' Society (ANSOC) het onlangs 'n mosie opgestel waarin hulle hul diepe teleurstelling uitspreek oor die negatiewe reaksie van studente betreffende die oopstelling van koshuise vroeër vanjaar.

Van al die kerkjeugverenigings wou slegs die KJA en die Lutherse Studentevereniging nie die mosie ondersteun nie. Die KJA wou hom nie verder hieroor uitspreek nie en het net na hulle brief oor die meningspeilings in die *Dinamiek* van 24 Augustus 1984 verwys.

Die mosie wat in beide Afrikaans en Engels opgestel is, lui as volg:

"Ons, die ondergetekende Christen-studenteorganisasies verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch glo in die lewende Jesus Christus, die heerser van alle dinge. Ons glo dat deur sy dood en opstanding, alle skeiding tussen mens en God, en tussen mens en medemens, tot niet gemaak is.

Ons bely dat ons as Christen-studente nie te alle tye ons afkeer van onchristelike verhoudings onder ons medestudente genoeg getoon het nie.

Ons spreek daarom ons diepe teleurstelling uit dat die mosie om koshuise vir alle studente, ongeag kleur, oop te stel, deur ons medestudente verwerp is. Ons is oortuig dat hierdie verwerping teen die wil van God vir ons universiteit en land is, en ons dring aan by almal wat op Christenskap aanspraak maak om hulle standpunt te heroorweeg, en om hulle uit te spreek teen die besluit van die meerderheid van die studente."

Volgens ANSOC het die mosie nie uit 'n politieke motief ontstaan nie, maar uit die belang van wat reg en regverdig is volgens die Christelike geloof. Daarom is dit met groot spyt dat ANSOC kennis neem dat bg. twee verenigings nie positief teenoor die mosie gereageer het nie.

Die volgende verenigings het wel hulle steun aan die mosie toegesê:

ANSOC, die Catholic Students' Society (CATHSOC), die komitee van die Student Christian Associatoin (SCA), studenteleiers van die Stellenbosch Christian Fellowship (SCF) en die Jeugvereniging (JV) van die Gereformeerde Kerk.

UWC

# Old order approach is falling from grace

THE political climate in South Africa is becoming such that a more action-oriented approach is favoured to that of scholarly and intellectual engagement, said Prof. Jakes Gerwel of



Prof. Jakes Gerwel

the University of Western Cape.

Prof. Gerwel, dean of the Faculty of Arts, was addressing the recent UWC conference on economic development and race domination. This, Prof. Gerwel said, is one of the sure signs of the usurping of an existing order, an indication that "the old order does not hold any sway anymore".

### Tradition

Not only was the responsibility of a racist society being questioned, but the entire tradition and culture of colonial imperialism which generated this race-ridden order is being strongly challenged. The much longer cultural tradition of Europe has been tried and found unfit by the younger generation of South Africans, especially so by the non-white students.

Prof. Gerwel said that we can no longer afford to ridicule the need for re-identification by the students of our generation. He felt no inclination, Prof. Gerwel said, to laugh dismissively when an intelligent, final-year student informs him that it is necessary to suspend academic activities in order to carry on with this struggle for self-assertion and identification. "I rather experience that imperialism, in all its varied forms, is engaged in a terminal conflict in this part of the world."

### Incidents

In the light of the recent wave of unrest, it only seems appropriate that many of these incidents occurred at UWC, a university still at odds with "its racially-determined origins".

Still, by virtue of it being a democratic university, this "Verwoerdian bush college" has undergone a complete metamorphosis. It has become one of the power houses for dynamic non-white thinking and is in many ways a reflection and social comment on the state of our society.

### Confidence

In his welcoming address, the rector of UWC, Prof. R.E. van der Ross, said that academics once again had attracted the attention of the Government. And this time, by means of and because of the media, the public are having to put up with them.

Despite the fact that intellectualization may be falling out of favour, at least it was an excellent expression of the confidence that academics have in their own capability "to contribute to the practical problems of men".

ASB-PRESIDENT

# 'Disaffiliasie het US geïsoleer'

JOHANNESBURG — Die nuwe voorsitter van die Afrikaanse Studentebond (ASB), Martinus van Schalkwyk, het in 'n onderhoud met die Universiteit van Pretoria se studente-koerant, *Die Perdeby*, gesê dat Stellenbosch beslis baie armer sonder die ASB is, maar die ASB nie veel armer sonder Stellenbosch is nie.

Sy siening oor die ASB is dat hulle tans wegbeweeg van die ou konsep van kultuurorganisasies. "Kultuur hoef nie net met baadjies en dasse en deur toesprake en besprekings beoefen te word nie. Ons moet dinamies wees en voorsiening maak vir die studente van 1985 en nie 1984 nie.

In die verlede is daar te veel klem gelê op bedinging vir studente. Vir die komende jaar word veral op drie sake gekonsentreer:

(i) 'n Nasionale Studentekaart
(ii) Kamerbesoek in Universiteitskoshuise.
(iii) Studente-verteenwoordiging op Senaatsvlak.

Die nuwe voorsitter vir die 1984/85-termyn is 'n honneursstudent in die Staatsleer aan die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU). Na sy diensplig in 1980 skryf hy in vir die B.Proc-graad, en in sy eerste jaar word hy tot RAU se Studenteraad verkies.

Aangesien almal in die ASB nie meer polities saamstem nie, is ander raakpunte en funksies binne die organisasie gesoek. Dit het die nuwe inisiatief om te beding laat ontstaan.

"Mense moenie die ASB ondersteun net uit gewoonte nie, maar eers as die organisasie gesoek wys hy kan iets beteken. Daarvoor moet aanvaar en gebruik word wat die ASB bied — mens kry dinge nie deur net passief te sit nie."

Mnr. van Schalkwyk se siening is dat kultuur die manifestasie en beheer van die mens se fisiese en geestelike omgewing is. Politiek en sport is dus ook fasette van kultuur. Nie een kultuurorganisasie spits hom egter toe op sport nie, maar baie spits hulle met dieselfde argument op politiek toe. Hierdie fasette van kultuur moet geëvalueer word om te sien watter gevaar dit vir die organisasie inhou. Ter wille van kulturele eenheid kan 'n faset soos politiek op die agtergrond geskuif word.

Mnr. van Schalkwyk word in baie kringe as een van die verligste ASB-voorsitters ooit beskou, en sy verkiesing is 'n groot terugslag vir die regse groep in die ASB. Hy het die KP-gesinde mnr. André Bartlett as voorsitter opgevolg, wat in sy termyn verhinder het dat politieke sake tot standpuntinname kon lei.

Mnr. van Schalkwyk het ten opsigte van Stellenbosch gesê dat sedert hulle disaffiliasie in 1969, Stellenbosch hulself net meer geïsoleer het. "Hulle sien hulleself as die leidende Afrikaanse kampus in die land; ek wonder net waar hulle die kans kry om ander te lei."



Tot watter mate moet 'n koshuis besluite neem namens sy inwoners?

# RAU-inkomtye spoedig verslap

JOHANNESBURG — Sake lyk baie belowend dat die inkomtye van damestudente aan die Randse Afrikaanse Universiteit binnekort verslap gaan word. Die Oorlegkomitee van die universiteit het reeds die Studenteraad se voorstelle vir sodanige verandering goedgekeur. Die Senaat en die Raad van die RAU moet dit egter ook nog eers goedkeur voordat dit geïmplementeer kan word.

### Vergelyking

'n Vergelyking van die huidige en voorgestelde inkomtye sien as volg daaruit: Tans moet Eerste- en Tweedejaars, met die uitsondering van Woensdagaande, waarop Tweedejaars 23h00 mag inkom, elke weeksaand om 20h00 in wees, terwyl senior studente, met die uitsondering van Woensdag (24h00), om 22h00 moet inkom. Vrydag- en Saterdagaande moet almal om 00h45 in wees en Sondagaande om 22h00. Indien die inkomtye verander, sal die reëls as volg wees: Eerstejaars moet nog steeds weeksaande om 20h00 in wees, maar mag Woensdae tot 22h00 uitbly, Tweedejaars mag elke weeksand tot 22h00 uitbly en Seniors tot 24h00. Vrydae en Saterdae sal die inkomtyd tot 01h00 verleng word en Sondae mag die Eerstejaars 22h00, Tweedejaars 23h00 en Seniors 24h00 inkom. Een aand per week, indien nodig, kan die Huiskomitee dan reël dat almal 22h00 in moet wees (bv. vir vergaderings).

### Argumente

Volgens die voorsitter van die ondersoekkomitee, me. Suzette Labuschagne, het die ondersoek al die tradisionele argumente teen verlengde inkomtye weerlê. Een van die argumente is dat vroeë inkomtye nodig is om meisies te help studeer. Die komitee het gevoel dat dít impliseer dat mans nooit studeer nie, omdat hulle kan kom en gaan soos hulle wil. 'n Tweede argument is dat dit vir die dames se veiligheid is. Dit het die vraag laat ontstaan of Vrydag- en Saterdagaande dan veiliger is as weeksaande.

'n Derde argument, nl. dat die koshuise 'n verlengstuk van die huis is, is met meer versigtigheid deur die komitee hanteer. Hulle het daarmee saamgestem, maar het tog gevoel dat die dames van RAU redelik volwasse is. Die komitee sê in sy verslag dat dit nie beteken dat die dames nou elke aand laat gaan uitbly net omdat hulle mag nie. Die komitee sien hierdie voorstelle as redelik en hoop dat dit in die toekoms meer dames na RAU sal lok.

### Inisiatief

Die ondersoekkomitee is vroeër vanjaar deur die Studenteraad in die lewe geroep om na dié netelige saak ondersoek in te stel. Talle vraelyste is m.b.v. prof. Dave Beyers en die Buro vir Universiteitsonderwys opgestel en aan dames in al die koshuise gegee om in te vul nadat die gegewens verwerk is, is 'n memorandum opgestel en daarmee is toe na die owerhede gegaan.

Me. Angela Petersen, 'n lid van die ondersoekkomitee, het aan *Die Matie* gesê dat hulle net eenvoudig besluit het om die inisiatief te neem en vanuit studentegeledere iets aan die situasie te doen. Hulle het heeltemal wetenskaplik en professioneel te werk gegaan en hulle wag nou net op die volgende sitting van die Senaat en die Raad, wat heel moontlik eers in Februarie 1985 sal plaasvind. Volgens me. Petersen sal die komitee, indien die voorstelle dáár afgekeur word, verder voortgaan met hul poging tot verandering deur ook die ouers te betrek.

# Kuesta-fees bring universiteite saam

JOHANNESBURG — Kuesta is die kuns- en koorfees wat jaarliks gedurende die September-vakansie deur die Afrikaanse Studentebond (ASB) aangebied word en vanjaar het dit plaasgevind by die Randse Afrikaanse Universiteit. Vanuit die Boland, Durban, Bloemfontein, Pretoria en Johannesburg het kore saamgetrek om deel te hê aan die fees.

Hoewel die kore nie op 'n kompetisiebasis deelgeneem het nie, was die serenadegroepe, redenaars en deelnemers aan ander musikale kategorieë, asook skryfkunstenaars en dramaturge gewikkel in 'n stryd om met die louere weg te stap. Maar eintlik is Kuesta 'n koorfees, waarin Afrikaanse universiteite en kolleges deelneem ten einde koorsang en musiek te bevorder en vriendskapsbande te smee. Vir elke deelnemer was die drie dae van deelneem en luister 'n besondere ervaring, wat nie maklik oorvertel kan word nie.

Vrydagmiddag het die individuele optredes van die kore 'n aanvang geneem. Die gehoor was die lede van die ander kore, sodat die program só gereël is dat almal in een of ander stadium die ander kore kon hoor. Vrydagaand is die program voortgesit en so tussendeur is die kompetisie in die ander genoemde kategorieë afgehandel.

Saterdagaand was die galabyeenkoms en alle kore het dan vir sowat tien minute elk opgetree. Kore wat melding verdien is die Tukkie-koor wat moeilike werke uitstekend uitgevoer en vertolk het, asook die Universiteitskoor van Port Elizabeth wat met slegs 36 lede, koor-uitvoerings gelewer het wat mooi op die oor geval het. Alhoewel nie amptelik genoem en bevestig nie, het die Universiteitskoor van Stellenbosch kritikus en luisteraar oorrompel met hul uitvoerings. Kenmerkend van dié koor, was die lede se inlewing en vertolking van hul werke en die perfeksie en entoesiasme van die koor se dirigent, prof. Johan de Villiers.

Die Stellenbosse kerkkoor onder leiding van mnr. Pieter van der Westhuizen het as koor alle verwagtings oorskry. Hulle gewyde musiek het die gehoor innig getref en was van 'n besondere karakter en standaard.

Die Maties het ook in sekere kategorieë as wenners uit die stryd getree. Pieter Duvenage en Theo de Jager het die redenaarskompetisie gewen. Die Bosch-Troebadoers het die kategorie vir Serenadegroepe ingepalm en is later ook as die algehele wenners aangewys in al die musiekkategorieë. Met hul sang en puik afronding, verdien hulle die wennerspodium en is dit ook weerspieël deur die opgewonde reaksie van die gehoor tydens hul optrede. Sommige het die kore krities beluister, ander het sommer net geluister om dit te geniet, maar ten laaste was dit 'n "salwing vir die gees". Gedurende Kuesta is die deelnemers en luisteraars "toegegooi" onder die estetika van musiek, en die "herkou" daarvan na die verrigtinge getuig by uitnemendheid van groot musikale waarde en genot.

Kuesta was 'n fees, die kore van die beste, die musiek die beste van alles en die reëlings haarfyn beplan en uitgevoer.

**Wat wil jy graag bereik met jou**
**B REK**
**of**
**B REK (HONS) ?**

Dalk het jy jou oog op 'n GR-kwalifikasie? Indien wel, besef jy seker reeds dat om dié kwalifikasie te behaal, nie kinderspeletjies is nie. Dit verg tyd en toewyding. Veral tyd kan soms baie kosbaar wees — daarom bied ons jou nou reeds die geleentheid om aan jou klerkskap te begin werk terwyl jy waardevolle ondervinding opdoen. Maar miskien wil jy eerder eers jou akademiese opleiding voltooi vóór jy met die praktiese sy begin.

Hoe dit ook al sy, ons kan jou nou reeds help met 'n beurs en by ons kan jy verseker wees van georganiseerde indiensopleiding, puik vergoeding, erkenning vir prestasie asook wye blootstelling aan oudits, rekenmeesterswerk, rekenaars, geleentheid vir spesialisasie, ens. Daarby kan jy kies of jy in 'n stad of op die platteland wil werk want, ons het 13 kantore dwarsoor die land. Verder kan ons internasionale skakeling ook vir jou nuwe geleenthede skep!

**Skakel ons gerus en kom gesels oor jou vooruitsigte.**

**Bellville: (021) 97-1831**
**Kaapstad: (021) 24-3308**
**Paarl: (02211) 2-3141**

**BRINK, ROOS & DU TOIT**

KMP-Werwing 1605/2

## HELSHOOGTE

# Hoenders, braai en jolyt kenmerk gewilde opedag

DIE Helshoogte Winston-Opedag is vinnig besig om een van die groot sosiale gebeurtenisse op die sosiale kalender van Stellenbosch te word.

Ten spyte van die ietwat gure Oktoberweer het die hele Helshoogte en die res van die kampus opgeruk om 'n dag van gesonde vermaak te beleef.

### Tema

Die Helshoogte Winston-Opedag is op Woensdag, 10 Oktober op die grasperk langs Helshoogte aangebied. Die tema van die dag was heel gepas "All American Look".

By die geleentheid is 'n Mej. Helshoogte Winston-Opedag gekies, 'n rodeokompetisie en braaikompetisie gehou en daar was selfs 'n hoenderhaan-tentoonstelling wat die Amerikaanse presidente verteenwoordig het. Met name soos J.F. Kennedy en Gerald Ford het hulle baie trots voorgekom.

Die Mej. Helshoogte Winston-Opedagkompetisie het reeds die Dinsdagaand begin met 'n kaas-en-wyn gesselligheid waar die promotors hulle dames aan die huis kon bekendstel.

### Mej. Opedag

Sonja du Plessis het die titel verower. Zinobie du Rand en Jean-Margaret Hay was onderskeidelik die eerste en tweede prinsesse. Me. Du Plessis het 'n naweek vir twee in die Century-hotel in Seepunt as prys gekry.

Die rodeo-kompetisie het vir groot opwinding gesorg. Die bul of os het daarvoor gesorg dat die manne van die seuns geskei word.

### Rodeo

Bertie Louw het daarin geslaag om een minuut en twee en vyftig sekondes op die rug van die bul te bly. Die bul was op 'n meganisme gemonteer wat dit heen en weer laat bokspring het. Die persoon wat die naaste aan hierdie tyd gekom het, het vir minder as een minuut op die rug van die gevaarte gebly.

### Hoenderbraai

Die hoenderbraaikompetisie wat oop was vir almal, was beslis groot pret. Die braaiers moes aansluit by die "All American Look"-tema. Hulle is beoordeel volgens die snitte wat hulle gekies het om te braai asook op grond van die bykosse en algemene voorkoms. Servaas van Niekerk en sy span het te midde van strawwe kompetisie weggeloop met die prys. Die prys was kaartjies vir elkeen van die drie spanlede asook vir Mej. Helshoogte Winston-Opedag en haar twee prinsesse na die luukse losie van die Cape Turf Club te Milnerton. Die beoordeling is deur prof. Hayes van die Departement Pluimveekunde, prof. Viljoen van die Ingenieursfakulteit en mnr. Van Jaarsveld, die inwonende hoof van Helshoogte, behartig. Dit het hulle ook te beurt geval om sekere flaters te proe.

### Flaters

As gevolg van 'n gebrek aan 'n tang of vurk om die hoender mee om te draai het sommige mense as gevolg van die teenwoordigheid van sekere ander vloeistowwe sommer die oop rooster netso omgedraai. Die beoordelaars moes tot hul spyt ook dié pogings proe!

Die dag is Saterdagaand afgesluit met 'n dans in Helshoogte waar Little People die musiek verskaf het.

### Dank

Mnr. Piet Smit, voorsitter van Helshoogte se Opedagkomitee, wil graag sy dank betuig teenoor die lede van die studente-unie wat die geleentheid ondersteun het, sowel as Winston, wie se borgskap die dag moontlik gemaak het.

Helshoogte se Opedag kan met reg beskou word as een van dié geleenthede in die sosiale jaar wat nie misgeloop mag word nie.



Die hoenderbraai by die Helshoogte Winston-Opedag is ook sinoniem met jolyt. Hierbo is Riaan Ferreira, Jacques Naudé en Tulbagh van der Merwe besig om hul deel by te dra tot die dag se feesvieringe. Agter is Johan Bronkhorst aan die toekyk. Die gure weer het definitief nie die manne se geesdrif gedemp nie.

## Angles wants one-act plays

ANGLES, better known as the English Society, envisages a publication of prose and poetry early in 1985. Contributions may be handed to the Secretary of the English Department (fifth floor — B.J. Vorster).

The highlight of the publication will be a one-act play competition which is open to all students. The plays have to be thirty to forty minutes long, and themes will be unrestricted. Prizes will be awarded to the three best plays and the winning entry will be produced by the English Society at the 1985 Drama Festival.

Angles appeals to all budding dramatists and the not-so-budding dramatists to start their pens and minds rolling during the Christmas holidays. The closing date is 31 April. So "play up and play the game".

## Stellenbosse Student

DIE jaarlikse prestige-publikasie van die Universiteit van Stellenbosch, *Die Stellenbosse Student*, het verlede week verskyn. Alle privaatstudente kan hul gratis kopieë by die SR-kantoor gaan afhaal.

# Majuba se jaarblad weer 'n treffer

MAJUBA se jaarblad, wat reeds die afgelope drie jaar die publikasiekompetisie gewen het, het verlede Vrydag verskyn. By dié geleentheid is die eerste blad aan mnr. Felix Visagie, wat die grootste enkele borg in die blad is, oorhandig.



Hein Schröder

Mej. Majuba, Lemaryn Louw, het ook 'n blad aan die Primarius oorhandig. Die tema van dié jaar se blad is "Uitlewing". Die kern van die boodskap is dat elke persoon die geleentheid sal kry om ten volle te ontwikkel. Binne koshuisverband is daar 'n unieke geleentheid vir elke persoon om tot sy volle potensiaal te ontwikkel.

Die oorhandiging van die pryse vir die wenners van die publikasiekompetisie vind vandag plaas. Die redakteur van Majuba se jaarblad, mnr. Hein Schröder, sê hy is vol vertroue dat die kompetisie weer dié jaar gewen kan word. Hoewel daar baie besnoei is t.o.v. kostes, is die kwaliteit van die blad steeds van goeie gehalte.

Mnr. Felix Visagie, weldoener van Majuba en verteenwoordiger van SANLAM, het die eerste uitgawe van die blad ontvang. Die blad is weer dié jaar aan mnr. Visagie opgedra. Mnr. Visagie het die grootste gedeelte van die onkostes gedra. Die ander geld vir die blad is verkry deur veral advertensies, bladsy-borge asook verkoop van boeke aan oud-Majubane.

Die Majuba Jaarblad is uitgegee tydens 'n middagete. By die geleentheid is 'n aantal gaste genooi, waaronder mev. Sherril February, die produksiebestuurderes by Van der Stel-drukkers. Mnr. Thys de Necker van Tolken Toyota, wat die redaksie se T-hemde geborg het, was ook teenwoordig.




THE best campus radio station in the country, Radio Matie, is presenting a few programme specialities during every week:

FRIDAY FOCUS is a magazine programme in which exciting campus personalities are interviewed. Some of those interviewed were Chris Jones, Le Roux van der Westhuizen, Lorenzo Bossi and missionaries who hosted stalls during Sendingweek. During the same programme the following week's campus activities are highlighted. Friday Focus is presented every Friday between 10h25 and 12h00 by Marisa Honey and Karin Seydel.

DIETER'S DRIVEL is presented by the managing director of Radio Matie, Mr Dieter Fitschen. The programme is a fun programme aiming at getting a few laughs downstairs in the Neelsie. Dieter's Drivel is presented every Monday at 10h25.

LA VERITÉ and AUTUMN LEAVES is presented by Jozua van der Lugt on every Monday and Tuesday at 11h15 and offers a big variety of good music.

GOSPEL ALIVE is presented every Wednesday and Thursday at 11h15 by Michael Seydel. The programme is geared at presenting Christians with the latest Gospel sounds.

INDIGESTION, a personal favourite, is presented every Tuesday and Thursday at 16h30 by Lucille Valentine. A wide variety of music is featured and requests are always welcomed with a smile.

Rumours have been circulated that Radio Matie is taking over "the stairs". Radio Matie is at present bursting at the seams and the SRC have therefore granted them one of *Die Matie*'s offices. Time will prove if *Die Matie* is going to take that lying down.

The staff of Radio Matie would like to remind all societies and hostels that they are welcome to advertise any worthwhile activities on Radio Matie.

**The Top Twenty for this week is:**

1. Dan Hartman — I can dream about you.
2. Human League — Life on your own.
3. George Michael — Careless whispers.
4. Sade — Smooth Operator.
5. John Waits — Missing you.
6. Silent Running — Crimson Days.
7. US — Pride
8. Stevie Wonder — Just called to say.
9. Flock of Seagulls — The more you live.
10. Huey Lewis — Walking in a thin line.
11. Rick Springfield — Love Somebody.
12. Roger Taylor — Man on Fire.
13. Billy Squire — Rock me tonight.
14. Billy Idol — Eyes without a face.
15. Scritti Politti — Absolute.
16. Galaxy — Everybody's Laughing.
17. Pointer Sisters — Jump.
18. Belle Stars — 80's Romance.
19. Working Girls — Working Girls.
20. Freddie Mercury — Love kills.

Bubbling under is Shakatak — Don't blame it on Love.

Best Model Agency
NEED NEW FACES...
★ vir Mode en Fotografiese Modelwerk
★ TV en Rolprente
LAAT ONS JOU HELP OM DEELTYDS
'N OPWINDENDE BEROEP BEOEFEN
TEL. 02232-433 (Boodskap) of na 21H00

Is u ook meer werd?



A.C. Kotze (Senior Takbestuurder) — F. Visagie (IQA)
W.S. Malherbe (B.Econ) — A. Jordaan
J.C. Esterhuyse — T.J. Basson (B.Sc)
J.A. Liversage — J.C. Jansen van Vuuren

Nog nie? Span dan saam met ons.

Want Sanlammers is nou meer werd as wat enigiemand ooit kon droom.

Danksy Sanlam se rekordbonusverklaring van R1 000 miljoen.

En dis al die vyfde keer in vyf jaar dat Sanlam die bonuskoerse van ons polisse verhoog.

Om die kroon te span, is al die winste uit Sanlam se kundige beleggings en streng kostebeheer ons poliseienaars s'n. Hulle is mos Sanlam se enigste aandeelhouers.

As u dus nog nie jaar na jaar meer werd word nie, gesels met ons. En een van die dae is u ook meer werd.

Die Sanlam-kantoor
h/v Plein- en
Van Ryneveldstraat
Stellenbosch 7600
Tel. (02231) 72910

Sanlam
Waar u toekoms tel

## Staatmakers kies nuwe bestuur

DIE nuwe bestuur van die Staatmakers is op 'n onlangse jaarvergadering aangewys.

Alwyn Louw (voorsitter), Engela Steynberg (sekretaresse), Herman van Lill (tesourier), Roland Thompson en Ansie Human (Addisionele lede) sal in 1985 die bestuur behartig.

Nadat 'n kransleggingsfunksie op 10 Oktober bygewoon is, is volgende jaar se program beplan. Die jaarlikse grotslaap-uitstappie sal in die eerste kwartaal plaasvind, terwyl die Staatmakerskonferensie gedurende die Paasnaweek in Bloemfontein gehou sal word.

Daar word ook beoog om 'n nagmars en 'n vlotvaart op die Bergrivier aan te bied.



Die jaarlikse Senior Redenaarskompetisie is vanjaar gewen deur me. Hilary Marten, 'n tweedejaar-B.Sc.-student. Hier verskyn me. Marten (voor) saam met mnre. Francois Beukman (links) en Theo de Jager (regs).

REDENAARS

# Muis-argument wen kompetisie

ME. HILARY MARTEN, 'n tweedejaar-B.Sc.-student en immigrant uit Engeland, is die wenner van die Senior Redenaarskompetisie wat op Dinsdag 16 Oktober in die ouditorium van die J.S. Gericke-biblioteek gehou is.

Haar onderwerp was *Johannes van der Merwe*, 'n fiktiewe muis wat net soos die meisies in die koshuise op die kampus, in 'n doolhof vasgevang is. Daar word net probeer om by die ander kant te kom, die metode is nie ter sake nie. Die doel van die gemiddelde student is volgens haar net "graadvang", en niemand doen werklik iets om die omstandighede wat dit voorafgaan, byvoorbeeld die reëls in dameskoshuise, te verbeter nie.

Mnr. Francois Beukman, 'n eerstejaar wat BA Staatswetenskappe studeer en ook 'n verslaggewer van *Die Matie* is, en mnr. Theo de Jager, 'n BA Staatswetenskappe-student in sy derde jaar, was onderskeidelik tweede en derde. Mnr. Beukman het oor "Stellenbosch as die argitek van hervorming slegs binne die Afrikaner-meganisme" gepraat en mnr. De Jager oor Afrikaner-eksklusiwiteit.

Ná die eerste ronde toesprake is aan bg. drie deelnemers, asook aan mnr. Pieter van Zyl, die geleentheid gebied om sake verder uit te spook deur 'n onvoorbereide toespraak, waar elkeen slegs drie minute gekry het om voorbereiding te doen.

By 'n kaas-en-wyngeselligheid in die Rektor se Blou Kamer ná afloop van die kompetisie, is die wenners deur mnr. W.A. de Klerk, bekende skrywer van die Paarl, aangekondig. Hy het gesê dat dit baie moeilik vir hom en die ander beoordelaar, prof. Willie Esterhuyse, was om die keuse te maak aangesien 'n hoë standaard deurgaans gehandhaaf is.

Me. Marten en mnre. Beukman en De Jager het elkeen 'n geskenkbewys ontvang, terwyl me. Marten ook 'n beker van Volkskas ontvang het. Sy moet die US volgende jaar by die redenaarskompetisie van die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond verteenwoordig.

# Redenaars is mees dinamiese

DIE Debatsvereniging is vanjaar Stellenbosch se mees dinamiese studentevereniging. Die toekenning is gedoen deur 'n komitee onder voorsitterskap van die SR-lid vir verenigings, mnr. Derick de Villiers. Dit sal vanaand by 'n dinee oorhandig word.

Gedurende die afgelope termyn het die Debatsvereniging, onder voorsitterskap van mnr. Johan Bosman, 'n eerstejaarsredenaarskompetisie, 'n beoordelaarskursus en 'n uiters suksesvolle debatskolingseminaar aangebied. Die hoogtepunt van die jaarprogram was die interkoshuisdebatskompetisie, wat deur Dagbreek gewen is. 'n Senior redenaarskompetisie het hierdie kwartaal plaasgevind.

Verenigings het in vier kategorieë meegeding. In die 125ste bestaansjaar van die Kweekskool is die Teologiese Seminarium Studenteraad aangewys as die mees dinamiese fakulteitsvereniging. Die Studente-KJA was die wenner in die godsdiensvereniging-kategorie na 'n jaar waarin aktiwiteite die tema "Gemeente van Christus sorg vir mekaar" weerspieël het. In dié kategorie het die Pinkster Studentevereniging spesiale vermelding verdien.



"Kom sprak 'n sprook"

Die Skaakklub het die toekenning in die sosiale afdeling ontvang nadat 'n interkoshuiskampioenskap vir die eerste keer in sewe jaar aangebied is. FOKUS was die bedrywigste vereniging op kulturele gebied. Hierdie klub se hoogtepunt was die jaarlikse Fotovaria-kompetisie, wat vanjaar met 'n foto-uitstalling in die Gat afgesluit het.

Volgens mnr. De Villiers was die standaard van die Stellenbosse verenigingslewe vanjaar "verblydend hoog" en was dit moeilik om die uiteindelike wenner uit die kategorie-wenners te kies.

# Studente moet kan besluit oor dosente, vra ASB-hoofbestuur

DIE ASB-hoofbestuur het tydens sy vergadering van Maandag 1 Oktober 1984 besluit dat studente deel moet hê aan die didaktiese evaluering van dosente en dat sodanige evaluering in aanmerking geneem moet word by die bevordering van dosente.

Studieopleiding, hetsy aan 'n universiteit of kollege, is 'n groot finansiële uitgawe en daarom wil studente die grootste moontlike waarde vir dié uitgawe hê.

Hierdie standpunt van die ASB se vyftien geaffilieerde kampusse het ten doel om te verseker dat dosente in staat is om kennis na behore oor te dra aan studente. 'n Student gaan met die aanvang van sy studietydperk 'n kontrak met sy universiteit of kollege aan. Ingevolge hierdie ooreenkoms het dosente sekere meganismes om studente te dwing om te presteer. Studente het meesal nie sulke meganismes nie, en waar dit wel bestaan, is dit onvoldoende.

Daar is ook besluit dat studente inspraak moet hê by aanstellings wat die studente direk raak, byvoorbeeld huisvaders, huismoeders asook studentedekane en hul personeel (studenteburo's).

Volgens die hoofbestuur is dit bloot logies en regverdig dat studente inspraak moet hê by die aanstelling van persone waarmee hulle gereeld te doen kry. Dit is belangrik dat 'n gesonde en gerespekteerde verhouding tussen studente en persone wat uitsluitlik vir hulle diens aangestel is, bestaan.

'N TOEKOMS OM OP TE REKEN!

Verwerf u 'n handelsgraad — óf 'n graad in die Geestes- of Natuurwetenskappe?

Oorweeg u 'n handelsloopbaan met 'n toekoms waarop u kan reken?

Sanlam bied 'n verskeidenheid aantreklike loopbaangeleenthede vir gegradueerdes met die visier op 'n loopbaan in die handel.

**Vul hierdie koepon dadelik in en stuur dit aan:**
Die Personeelbestuurder, SANLAM, Posbus 1, Sanlamhof 7532.
Ons sal met u in verbinding tree.

NAAM: ..............................

ADRES: ..............................

POSKODE: ..............................

TELEFOON: ..............................

Sanlam
Waar u toekoms tel

RW WERWING 291





Eendrag se Bun Booyens Touch-stadion het verlede Vrydag weer aksie beleef soos min tevore. Hier speel drie dames dat die manne skaam word. Die knap hanteerwerk was vanjaar een van die kenmerke van die Dames Touch-toernooi.

EENDRAG

# Dames speel barshou by touch-toernooi

VRYDAG 19 Oktober — Die son glim oor 'n grasgroen Bun-stadion en 'n sagte briesie stoot deur die lug wat gelaai is met emosie. Die rede? Dit is Eendrag se jaarlikse dames-touchtoernooi wat vanjaar deur Tassenberg geborg is.

### Wisseltrofee

Vyftien van die dameskoshuise en -privaatwyke het meegeding om die Eendrag Dames-Touchrugby Wisseltrofee asook 'n spesiale T-hempie vir elke lid van die wenspan. Die verrigtinge het om 1.00 nm. 'n aanvang geneem op die grasperk aan Maraisstraat se kant van Eendrag (die Bun-stadion).

Elke span het sy eie Eendrag-promotor gehad en daar is hard geoefen vir die kragmetings. Tydens hierdie oefensessies is die spel touchrugby in 'n paar eenvoudige stappe (en met groot geduld) aan die meisies oorgedra:

Stap 1: Neem een standaard rugbybal.
Stap 2: Vorm op in een gespasieerde ry en,
Stap 3: Beweeg stadig vorentoe terwyl die bal liggies van een paar vingertoppe na die volgende beweeg.

Met oefening is hierdie roetine se spoed tot 'n redelike peil verhoog. Met 'n mate van geluk kon daarin geslaag word om die kunsies van die spel soos systap, skêrbewegings ensovoorts semi-suksesvol uit te voer. Die jonge dames was egter vol entoesiasme en oorgehaal om hulle onderskeie koshuise se name hoog te hou.

### Toeskouers

Hierdie entoesiasme was egter nie eensydig nie — inteendeel, die toeskouers het net so 'n deel daaraan gehad. En aan hul was daar beslis nie 'n skaarste nie: langes, kortes, dikkes en maeres wat gelê, geloop, gelag, geëet en GEKYK het! Hierdie kyke was absoluut tiperend van die Adamgeslag: skelmkyke, skalkse kyke, laggende kyke, kamma-afkeurende kyke, glaserige kyke en O-maar-jy-is-darem-maar-mooi-kyke.

So het die middag al verder gevorder en met die geur van vars gebraaide boerewors in die lug, het die spanning begin oplaai. Die dames het hul kant gebring en gesorg vir uitstekende vermaak. Eendrag se Elana, 'n fanatiese rugbyentoesias, het ook hier haar beskeie deeltjie bygedra.

Die semi-finale het aangebreek en hier het Aristea teen Irene en Minerva versus Nerina te staan gekom. Aristea en Nerina het tot die finaal deurgedring.

Voor die hoogtepunt van die dag het Eendrag met sy eie dames-touchspan vorendag gekom.

### Vermaak

Mnr. Piet (Walglik) van der Westhuizen en sy trawante het vir goeie vermaak gesorg met hul bokspronge en wilde weggooi-aangeë.

### Eindstryd

Om 5.00 nm. het Aristea en Nerina mekaar gepak en in 'n titaniese stryd het Nerina as oorwinnaars uit die stryd getree met 'n wenteling van 6—2. Mnr. André (Barries) Barnard se kommentaar (as aankondiger) het ook bygedra om die spanning te verhoog tydens hierdie kragmeting.

Die Eendrag Dames-Touchrugbytoernooi is afgesluit toe die wisseltrofee deur Geraldine Milns, 1984-sjampanjenooi, aan die wenners oorhandig is. Volgens die algemene mening was die dag 'n groot sukses.

# *US presteer by NAJOSA-kongres*

DIE jaarlikse Nasionale vereniging van Joolorganisasies van Suid-Afrika (NAJOSA)-konferensie wat vanaf 16 tot 20 September plaasgevind het, was uiters suksesvol. Veral Stellenbosch kan baie trots wees op hulle afgevaardiges: nie alleen is Mej. Matieland, Maché Booysen, aangewys as die eerste prinses vir Mej. S.A. Kampus nie, maar die uittredende Karnavalvoorsitter, mnr. Lorenzo Bossi, is eenparig verkies as die nuwe voorsitter van NAJOSA.

Die sowat vyf en sestig afgevaardiges vanoor die hele land het op 16 September in Kaapstad gearriveer. Onder hulle was ook drie afgevaardigdes van die Universiteit van Bophuthatswana.

Elke universiteit se amptelike afvaardiging is saamgestel uit die in- en uittredende karnavalvoorsitter en die joolkoningin. Verskeie ander persone het die konferensie as toeskouers bygewoon. Stellenbosch het weer eens die grootste afvaardiging aanwesig gehad.

Vanaf 17 tot 20 September is daar hard gewerk in die konferensiesaal. Die in- en uittredende karnavalvoorsitter van elke universiteit het 'n referaat gelewer en hieruit kon beslis baie geleer word. Nie alleen is praktiese idees oor fondsinsameling uitgeruil nie, maar ook is aktuele onderwerpe rakende Karnaval, die universiteite en die gemeenskap sinvol bespreek. Verskeie geleentheidsprekers, onder wie mnr. Raymond Ackerman van Pick 'n Pay en mnr. Marrison van Puppy Love, het ook waardevolle insetsels gelewer.

Tydens die konferensie is die nuwe Uitvoerende Komitee van NAJOSA verkies. Mnr. Lorenzo Bossi van Stellenbosch is eenparig verkies as voorsitter en me. Suzanne Ackerman van Kaapstad as ondervoorsitter.

Die konferensie is (amptelik) afgesluit met die Kroningsbal in die President Hotel in Seepunt. Me. Sandy Dodson van Natal-Pietermaritzburg is deur Mej. S.A., Laetitia Snyman, gekroon as Mej. S.A. Kampus. Mej. Matieland, Maché Booysen, en Debbie Marsden (Kaapstad) is as haar prinsesse aangewys.

Tydens die Kroningsbal is die NAJOSA-skild ook aan mnr. Lorenzo Bossi oorhandig in sy hoedanigheid as Karnavalvoorsitter van die gasheeruniversiteit. Die beker vir die beste joolblad is gewen deur die Universiteit van die Witwatersrand met hul blad *Wits Wits*.

Die Universiteit van Stellenbosch se *Akkerjol* was die beste Afrikaanse joolblad en moes tevrede wees met 'n algehele vierde plek. Die UOVS het die beker ontvang vir die beste T-hemp.

Die burgemeester van Stellenbosch, mnr. Lombard, het die konferensiegangers op Stellenbosch onthaal en daar is van die geleentheid gebruik gemaak om die besoekers meer van Matieland te wys. Die voorlopige beoordeling van die Mej. SA-Kampus-kompetisie is by die Spier-restaurant gedoen nadat almal 'n rustige middag by Lanzerac deurgebring het.

Vir die bittereinders is daar op 21 September 'n uitstappie na Stellenbosch gereël. Die Van Rhyn-brandewynkelders is besoek, middagete is by Lanzerac genuttig en die dag is afgesluit met die tradisionele wyntoer. Daarna kon al die konferensiegangers huiswaarts keer, gekleed in hulle Winston-truie. Voorwaar 'n baie uitputtende, maar baie leersame konferensie was agter die rug.



Lorenzo Bossi, voorsitter van die Uitvoerende Komitee van NAJOSA vir die 1984/1985 termyn. Mnr. Bossi was ook verlede jaar 'n lid van NAJOSA se Uitvoerende Komitee, sowel as gasheer vir die Nasionale Kongres hierdie jaar te Kaapstad.

GEOGRAFIE

# *Vereniging skakel nou met praktyk*

DAT Eratostenes van Cyrene die eerste persoon was om die aarde se omtrek te bereken, klink na 'n blote feit. Daarom beywer die Studente Geografie-Vereniging hom om Geografie- en nie-Geografiestudente in die praktyk daarmee in aanraking te bring.

'n Verdere doelstelling is dat die Geografiestudent sy plek sal volstaan in die verenigingslewe van die Universiteit en die SGV is dus lid van die Fakulteitsvereniging van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Studente kry sodoende die geleentheid om akademiese probleme via die studenteverteenwoordigers en die verskillende besture onder die aandag van die Fakulteitsverniging te bring.

Daar word nou geskakel met ander universiteite en Geografie is een van die min vakke waarvoor daar 'n inter-universitêre vereniging bestaan. Mnr. H. Krynauw, wat vanjaar die voorsitter was, het in September die jaarlikse Studente Geografie-konferensie in Pietermaritzburg bygewoon.

Verskeie praktiese aktiwiteite is vanjaar gereël om die vakgebied aangenamer te maak vir alle studente. Films oor interessante onderwerpe soos kontinentale drywing en golf-aksie is vertoon. Professor I.J. van der Merwe was een van die persone wat die SGV gedurende die jaar toegespreek het. Hy het gebruik gemaak van visuele hulpmiddele om die nedersettingspatrone in Israel aan die studente bekend te stel en kaas en wyn is na die geleentheid bedien.

Die laaste byeenkoms vanjaar onder die 1984-bestuur het op 17 Oktober plaasgevind. Die president van die Antarktiese Vereniging van Suid-Afrika, mnr. E. Viljoen, was die spreker.

Ekskursies is ook onderneem na bergpasse in die Suid-Kaap. Professor C.J. Swanevelder, hoof van die departement, het die studente vergesel en daar is veral aandag gegee aan gesteentelae en die dreineringspatrone.

Die SGV is in 1964 gestig en sal volgende jaar 21 jaar oud wees. Hoewel planne nog nie gefinaliseer is nie, word beoog om die mondigwording te gebruik as geleentheid om studente verder te betrek by die vak.

Die bestuur van die vereniging bestaan uit ses lede: die ere-president, die voorsitter en nog vier lede. Die huidige ere-president is professor Swanevelder en die dagbestuur van 1985 bestaan uit mnre. C.H.H. Hunsinger (voorsitter), A. Simonis en J. du Plessis.

Die ledetal van die vereniging was vanjaar 340 teenoor die 220 van die vorige jaar. Ten spyte van die getallegroei glo mnr. Hunsinger dat daar nog leemtes bestaan en nooi hy alle studente om skriftelike idees en kritiek in die departement se briewebus te gooi. Hiermee wil hy verseker dat byeenkomste nie net die bestuur se siening weerspieël nie en dat die struktuur van die SGV verbeter sal word.

**FOKUS OP.......**

# Karnavaltema nou bekend

DIE karnavaltema vir 1985, "Liedjielaf", is verlede week amptelik op die kampus bekendgestel. Nadat plakkate sedert Dinsdag op die bome in Victoriastraat studente aan die wonder gehad het, is die tema Donderdag en Vrydag met kleurvolle plakkate bekendgestel.

### Musiek

Daar is op die vrolike en lawwe musiektema besluit nadat ongeveer tweehonderd temavoorstelle van die studente ontvang is. Die persoon wat die wentema voorgestel het, het twee etes ter waarde van dertig rand by Bobby McGees gewen. Die uitvoerende komitee van die Karnavalkomitee het na oorleg met die hoofborg, Pick 'n Pay, die tema bevestig.

### Geleentheid

Die "Liedjielaf" Karnaval '85 bied aan elke student die geleentheid om homself te geniet en ook om deur die uitbeelding van die tema vreugde in die gemeenskap te bring.


# Areabestuurder

## Wes-Kaap

('n Maatskappymotor na voltooiing van opleiding)

Ons bestuurders is oor die algemeen jonk, dinamies en energiek. Hulle is mans en vroue wat oor sterk leierskaps- en organisatoriese eienskappe beskik en beheer kan uitoefen. Hul ouderdomme wissel tussen 20 en 25 jaar. Omdat ons opleidings- en ontwikkelingsprogramme gemik is op die persoon wat vinnig met nuwe begrippe vertroud kan raak, mik ons na kandidate met universiteitspotensiaal. ('n Universiteitsgraad is egter nie 'n voorvereiste nie.)

Indien u by ons sou aansluit, kan u staatmaak op 'n volledige bestuursopleiding. Nadat u u opleiding voltooi het, sal u volle verantwoordelikheid aanvaar vir die handels- en personeelbestuursfunksie in 'n aantal van ons takke. Uit die aard van hierdie verantwoordelikheid sal u geregtig wees op 'n maatskappymotor, 'n mededingende salaris, ruim mode-afslag en die gewone voordele wat u van 'n groot firma sou verwag.

U sal 'n deel word van een van Suid-Afrika se grootste en mees suksesvolle handelsondernemings.

Dit kan vir u persoonlik die begin van groot dinge wees.

Kontak Jonathan Gilman by Truworths Beperk, Posbus 600, Kaapstad 8000. Tel. (021) 65-5130.

TRUWORTHS

'n Lid van die Wooltru-groep


## Herholdt Straat




Altolevel 25551

# Diensplig kom weer onder skoot

KAAPSTAD — 'n Hewige veldtog word tans teen diensplig gevoer. Sowel die PFP as die Universiteit van Kaapstad het besluit om druk toe te pas om diensplig te beëindig.

### Onwettiglik

Me. Paula Hathorn, gemeenskapsaksie-koördineerder op die studenteraad van die Universiteit van Kaapstad (UK), het verklaar dat die dienspligstelsel "'n oorlog teen mede-Suid-Afrikaners is." Sy is die suster van mnr. Pete Hathorn wat tans gevangenisstraf uitdien weens dienspligweiering.

Sy sê dat die UK diensplig




verwerp het weens die feit dat studente vier jaar van hul lewe aan Apartheid moet wy, wat hulle nie noodwendig ondersteun nie. Daar word verder van hulle verwag om dieselfde beleid onwettiglik in Namibië te gaan verdedig.

"Apartheid is vir die meeste mense meer as bloot diskriminasie. Hul lewens kom op die spel tydens hervestigingsaksies, trekarbeid en die implementering van die tuislandbeleid. Oorbevolking, pessiektes en hongersnood is die gevolge hiervan," het sy gesê.


Sy keer ook die rol van die Weermag tydens onluste af, omdat dit padblokkades, hervestigingsaksies en aanvalle op mense sonder passe meegebring het. Wanneer daar ook al opstande teen Apartheid is, vorm die Weermag "altyd die laaste linie van verdediging". Dit is in 1960 in Sharpeville, in 1976 landwyd en vanjaar in Soweto gesien, het sy voorts gesê. Weens die "destabiliserende rol van die SAW in buurlande en die ontplooiing van jong seuns teen die mense wat hulle juis veronderstel was om te verdedig," voel me. Hathorn dat dienspligweiering geregverdig is.

### Handves

Die Wes-Kaapse tak van die PFP, sowel as sommige kerke en burgerregbewegings stem saam met haar, het sy gesê. Die ECC (End Conscription Campaign) het in die lig hiervan 'n handves teen diensplig in die Weermag opgestel. Dit is ook verlede week op die Stellenbosse kampus versprei. Daarin word gesê dat ons land in 'n staat van burgeroorlog is, waar basiese menseregte die meerderheid burgers ontsê word. Die opstellers sê dat diensplig daargestel is om Apartheid te bevestig en te implementeer, terwyl die Weermag hom met 'n "onwettige besetting van Namibië besig hou."

Omdat gewetensbeswaardes ses jaar tronkstraf kry, terwyl die ECC in gewetensvryheid glo, verwerp hulle ten slotte diensplig. Hul verklaar dat daar andersins net meer konflik, verdeeldheid en armoede in Suid-Afrika sal kom, veral as Kleurlinge en Indiërs opgeroep word.

In 'n ondersoek deur *Die Matie* het dit geblyk dat die meeste van die studente wat ondervra is, teen dienspligweiering is. Verskeie het egter nog nie van die Handves teen Diensplig gehoor nie, terwyl enkeles wel van die PFP se standpunt geweet het.



Volgens me. Paula Hathorn, SR-lid van die Universiteit van Kaapstad, is die dienspligstelsel "'n oorlog teen mede-Suid-Afrikaners."

STUDENTERAAD

# *Kovsies kies nuwe leiers*

BLOEMFONTEIN — "Daar sal opnuut gekyk moet word na die leidinggewende rol van die SR." Mnr. Heerden van Niekerk, nuwe SR-voorsitter van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS), sien dit as 'n basiese doel van die SR om bg. aspek te ondersoek tydens die nuwe SR-termyn.

Twee-en-twintig kandidate, waarvan twee onbestrede gestaan het, het hulleself vir die SR beskikbaar gestel. Tydens die SR-sirkusse is oor die algemeen sinvolle en relevante vrae gestel. Mnr. Johan Jooste het in antwoord op 'n vraag oor die oopstellingsbeleid geantwoord dat die studente se gesindheid op dié stadium nog te negatief is vir sodanige verandering. Mnr. Riël Bartleman het oor studente-inspraak in kampusaangeleenthede gesê dat daar volop ruimte vir verbetering is.

Mnr. van Niekerk het aan *Die Matie* gesê dat hulle reeds begin werk maak het van 'n beter inspraakstelsel: Huiskomitees en Verenigings



Mnr. Heerden van Niekerk

sal voortaan sitting hê op SR-vergaderings en 'n agendapunt sal aan hulle afgestaan word om enige kwessie te bespreek.

Verder is die nuwe SR in vier komitees ingedeel, nl. Kovsiebeeld, Oriëntering, Media en ASB. Voor die ASB-kongres sal mosies bv. voor die tyd voorberei en bespreek word tydens SR-vergaderings, om sodoende ook die Huiskomitees en Verenigings verder as bloot kampusvlak inspraak te gee.

As antwoord op die vraag of die Kovsies nog nie die SP/SR-stelsel van die US oorweeg het nie, het mnr. Van Niekerk gesê dat dit nie nodig blyk te wees nie, want hulle studenteverteenwoordigingstelsel, wat as volg werk, is in hierdie stadium heel voldoende: Elke SR-lid het ('n) voogkoshuis(-e) wat met hom skakel t.o.v. relevante probleme.

Dan is daar die Kovsiekonferensie, wat bestaan uit die Prims en die SR, wat spesifiek studentepolitiek behartig (bv. oopstelling), terwyl die partypolitieke takke die "harde politiek" behartig. Mnr. van Niekerk beskou hierdie stelsel as minder gekompliseerd as die SP/SR-stelsel in veral dié opsig dat spesifieke terreine afgebaken is vir die verskillende tipes verteenwoordiging. Die probleem van die US se mate van SP/Prim-oorvleueling is dus uitgeskakel.

Die stempersentasie tydens die verkiesing was 41% — 10% laer as 1983. Die nuwe Kovsie SR-lede is: Heerden van Niekerk (voorsitter), Lourens Erasmus (ondervoorsitter), Pieter Bakkes, Riël Bartleman, Gerhardus Bosch, Lucius Botes, Rassie Erasmus, Johan Ferreira, Hannatjie Jacobs, Johan Jooste, Christo Marais, Retief Orffer, Albe Potgieter, Whina Rall, Thomas Stewart, Joubert Strydom en Louis van Pletzen.

# Foreign students concerned over S.A.

CAPE TOWN — South Africa's problems are of major concern to students abroad, especially in America, and some overseas universities are interested in exchange programmes with the University of Cape Town.

This is the message Dr Stuart Saunders, vice-chancellor and principal of the University of Cape Town, brought back from his recent tour to more than 20 universities overseas.

Dr Saunders said: "There is no doubt that on American campuses the major student concern, apart from their own futures, is South Africa. And this concern has been highlighted by the events over the last two months."

Students in Europe and Britain, while concerned about South Africa, are more concerned about finding employment appropriate to their qualifications, Dr Saunders said.

Away for nearly five weeks, Dr Saunders visited the rectors, vice-chancellors and presidents of universities in the United States, Britain and Europe.

Some universities in Britain and America, he said, were "interested in trying to effect exchange programmes and co-operative academic enterprises with the University of Cape Town".

But during the trip it was strongly reinforced in Dr Saunders' mind that universities play an "important and critical role in the economic and cultural development of a country".



Daar is onlangs 'n inligtingsvergadering vir 1985-Debutante gehou. Hier verskyn agter v.l.n.r. S Grinwood, T Wessels, Y Greeff, A du Toit, J Joubert en G Theron. Voor v.l.n.r. E Rosseau, M van der Westhuizen, J Louw en H Carosiné.

# Geweld hou grondwet in stand – UWK-student

"DIE Rewolusie is reeds aan die gang, die Blanke is net nie bewus daarvan nie." Hierdie stelling is deur mnr. Willie van der Westhuizen, 'n student aan die Universiteit van Wes-Kaapland, gemaak voor 'n Besprekingskring van die manskoshuis Eendrag Dinsdagaand.

Mnr. Van der Westhuizen, wat gepraat het oor "Die Kleurling en die Nuwe Bedeling", het gesê dat slegs 10% van Suid-Afrika se bevolking hierdie sogenaamde "Nuwe Bedeling" steun.

Hierdie "Bedeling" word deur geweld in stand gehou — die gebeure by Sebokeng is getuienis hiervan, het mnr. Van der Westhuizen gesê. Volgens hom was die onlangse opstande by UWK ook 'n gevolg van die Kleurlinge se verwerping van die "Nuwe Bedeling". Die polisie het op die studente, wat met vreedsame protesoptogte besig was, met rubberkoeëls geskiet, het mnr. Van der Westhuizen gesê. Studente is ook met sambokke geslaan.

Daar is ook skyfies vertoon van die onlangse opstaande op die kampus van die universiteit. Die skyfies het meestal die vreedsame aard van die optogte geïllusteer, hoewel die skade wat deur die studente aan 'n administratiewe amptenaar se kantoor aangerig is, ook deur die skyfies aangetoon is.

Mnr. Van der Westhuizen het ook die regering, en veral die Minister van Wet en Orde, gekritiseer vir hul poging om die United Democratic Front aan die ANC en kommunisme te koppel. Volgens hom is die UDF een van die min organisasies wat hom vir 'n vreedsame én regverdige vrede in Suid-Afrika beywer.

Mnr. Van der Weshuizen het ook gesê dat daar in Suid-Afrika geen vrede sal wees voordat politieke en ekonomiese ongelykhede opgehef is nie. Alleen dán sal 'n werklike demokratiese stelsel in Suid-Afrika tot stand kom.



## EREKLEURE

# *Harde werk is suksesresep*

"DIE mens self en sy vermoë om suksesvol met ander mense om te gaan, is vir sowat 90% van alle sukses verantwoordelik," het dr. Jan S. Marais, 'n bekende in sake-kringe en oud-voorsitter van Trust Bank, tydens die US se jaarlikse Erekleuredinee gesê.

Volgens hom het die mens se eie ontwikkeling nog altyd "agtergebly". Daarom is massa-opvoeding nodig om vir hulle die waarde van harde werk te leer en ook waarom kapitalisme en die vryemarkstelsel die beste ekonomiese stelsel is.

"In plaas van harder te werk om beter te kan lewe, wil die massas minder en minder werk, maar meer en meer betaling hê; en die opportunistiese politici hou aan om beloftes te maak wat hulle nie kan nakom nie.

"Die opportunistiese leiers probeer die probleem oorbrug deur geld 'te skep'. Dit lei tot inflasie — een van die wêreld se mees gesofistikeerde vorms van diefstal," het hy gesê.

Hy het "verdraaiing, leuens en vooroordeel" as spesifieke karaktertrekke van vandag se wêreld uitgelig, en gesê dat selfs baie meningspeilings oënskynlik gemanipuleer word.

Dr. Marais het gesê dat dit verblydend is dat daar in toonaangewende lande nuwe begrippe en metodes ontwikkel word om iets aan die tekortkominge van die mens te doen.

Volgens hom bestaan daar vandag 'n groot behoefte aan dissipline, harde werk en leierskap. Hy het bygevoeg dat die sleutel tot leierskap en prestasie mensekennis, moed, visie, definitiewe doelstellings en die vermoë om terugslae te kan verwerk, is.

Me. Corinne Oosthuizen, oud-hoofredakteur van *Die Matie*, en mnre. Vonnie Mostert, Nico Wilkens, Chris Jones, Christo van Heerden en Marius Wahl het by hierdie dinee, wat deur Volkskas geborg is, erekleure ontvang.

Leierskap, akademiese prestasie en bydrae op kultuur- en sportgebied speel 'n deurslaggewende rol by die toekenning van erekleure. Ontvangers se karakter moet ook onbesproke wees.

Magda Conradie, A.J. Brits, H.J. Carse, D.W. Rencken, P.J. de Bruyn, M.J. Loedolf, I.A. van Sandeman, T. van Z. van Dyk, maj. A.L.S. Hudson, J.J. Siebershagen, Jeanie Greyling, Janette Louise Punt, Elsbeth Clare Dixon, D. Brink, C.M. du Toit en A. van Niekerk het akademiese erekleure ontvang.

By die toekenning van kulturele erekleure word 'n persoon se bydrae tot byvoorbeeld 'n vereniging, asook sy inisiatief en oorspronklikheid in ag geneem. Mnre. Cassie Carstens, Barend Vos, Human Coetzee, Ted Scott en me. Christelle Venter het kulturele erekleure verwerf.



Professor John Marcum aan die woord tydens die Instituut vir die Studie van Marxisme se simposium oor "Die implikasies van ideologiese en institusionele veranderinge in Angola en Mosambiek".

# SAW, Kubane moet uit Angola — John Marcum

**Chris Barnard**

"DIE verwoestende invalle van die Suid-Afrikaanse Weermag in Angola het talle dorpe en die ekonomiese infrastruktuur van die gebied vernietig."

### Simposium

Hierdie stelling is deur professor John Marcum van die Universiteit van Kalifornië gemaak tydens 'n simposium wat op 12 Oktober plaasgevind het.

Die simposium oor die "Implikasies van ideologiese en institusionele veranderinge in Angola en Mosambiek" is aangebied deur die Instituut vir die Studie van Marxisme van Stellenbosch.

Naas die Amerikaanse hoogleraar, het prof. Henning van Aswegen (RAU), dr. Annette Seegers (UNISA) en prof. Hans Jansen van die US ook voorlesings aangebied.

Prof. Marcum het gesê dat 'n standhoudende vrede in Angola slegs moontlik sal wees indien alle buitelandse magte hulle aan die gebied onttrek. Dit sluit beide die Kubaanse en Suid-Afrikaanse magte in. Volgens prof. Marcum word daar beweer dat Suid-Afrika, naas gebuite wapens, ook gratis dieselbrandstof aan die weerstandsbeweging UNITA verskaf.

Volgens hom sal UNITA nie maklik die stryd wen nie, aangesien hulle militêre suksesse noodwendig sal lei tot 'n toename van Kubaanse troepe.

Die rede vir die aanwesigheid van Kubaanse troepe kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die hoë simboliese waarde wat die Sowjet-Unie aan Angola heg. Om dié rede, en ook omdat Rusland 'n supermoondheid is, moet die land ook by enige vredesinisiatiewe betrek word, het prof. Marcum gesê.

### Renamo

Prof. Henning van Aswegen van RAU het sy voorlesing gewy aan die "Institusionele ontwikkelinge in Mosambiek". Hy het veral klem gelê op die absolute mag van Frelimo in hierdie eenparty-staat, hoewel die weerstandbeweging RNM (Renamo) deesdae groot druk op die Marxistiese Maputo-regime plaas.

Volgens dr. Annette Seegers van UNISA is die Suid-Afrikaanse regime die vernaamste ondersteuner van Renamo. Suid-Afrikaanse hulp bestaan uit die verskaffing van voorrade en opleiding, asook die gebruik van 'n radiosender in die noorde van Transvaal, het sy gesê.

Prof. Hans Jansen van die Stellenbosse departement van Afrika-Studie het in sy voorlesing oor die politieke geografie van Angola ook klem gelê op dié land se plek in Rusland se globale strategie. Hy het daarop gewys dat Angola "die laaste groot Russiese militêre sukses in suidelike Afrika was".

Prof. Richard Schrire van die Universiteit van Kaapstad, wat as respondent vir prof. Marcum opgetree het, het gesê dat Suid-Afrika 'n magtige moondheid op die subkontinent is, iets wat weens die "totale aanslagvrees" dikwels uit die oog verloor word.

# Kanselier besoek US

DIE kanselier, pres. P.W. Botha, het op 12 Oktober sy eerste besoek in sy nuwe hoedanigheid aan die US-kampus gebring.

Die kanselierspaar het om 11h45 op Stellenbosch gearriveer, en het eerste die nuwe J.S. Gericke-biblioteek besoek. Hier is hulle persoonlik rondgewys deur die Direkteur Biblioteekdienste, dr. Hennie Viljoen.

Volgens mnr. Douglas Davis, assistent van die rektor, was mnr. en mev. Botha "baie beïndruk" deur die ondergrondse biblioteek.

Die eerste eksemplaar van *Die Stellenbosse Student 1984* — wat aan mnr. Botha opgedra is — is ook in die biblioteek deur die hoofredakteur, mnr. Gerhard van Dyk, aan die kanselier oorhandig. Mnr. en mev. Botha het ook die besoekersboek geteken.

Terwyl mnr. Botha saam met die SR gefotografeer is, is mev. Elize Botha na die Botaniese Tuin geneem. Hier het sy, volgens mnr. Davis, "almal verbaas met haar groot kennis van plante".

Hierna het die kanselierspaar middagete saam met die ou en nuwe SR genuttig. Na afloop van die ete is 'n Matiebaadjie en -das aan die kanselier oorhandig.

Terwyl mev. Botha hierna terug is na Kaapstad, het die kanselier 'n besoek aan die Ingenieursfakulteit gebring voordat hy om 16h30 vertrek het.



Die Hoofredakteur van *Die Stellenbosse Student 1984*, Gerhard van Dyk, oorhandig 'n kopie aan die nuwe Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, pres. P.W. Botha, aan wie die blad opgedra is.

# *USAT doen Uys-satire*

USAT gaan hierdie Desembervakansie met die Pieter Dirk Uys-satire, *Die Van Aardes van Grootoor*, toer.

Vir volgende jaar word 'n verskeidenheid van produksies beplan.

In Maart sal 'n vollengte produksie, *Marat/Sade*, aangebied word. Hierdie toneelstuk, wat 'n rojale toneelbesetting benodig, speel in 'n sielsiekegestig af.

Nog 'n vollengte produksie, waarskynlik *Karnaval*, word vir Meimaand beplan.

In Julie kom die Grahamstadfees aan die beurt. Daar sal 'n heropvoering in Stellenbosch wees.

Die Dramafees vind van 19 tot 24 Augustus plaas. USAT het gesê dat hulle dié inligting so vroeg bekend maak omdat hulle "geleentheid wil gee aan aspirantdramaturge om hul talente ten toon te stel." Tydens Dramafees 1984 is 'n rekord getal stukke wat deur studente geskryf is, ontvang.

# SAAM bied kursus vir jeug aan

SAAM (South Africa Action Movement), 'n nie-politieke organisasie "gemik op die ontwikkeling van die jeug vir 'n beter toekoms" is onlangs gestig.


Die stigter van die beweging, mnr. J.C. Cook, voel dat die jeug veral op filosofiese en psigologiese gebied nie gereed is vir wat op hulle wag wanneer hulle 'n eie inkome moet begin verdien nie.

Volgens hom moet elke mens in Suid-Afrika die geleentheid kry om sy volle potensiaal te benut en "ons moet weer begin om soos pioniers op te tree".

Om hierdie doel te bereik bied die organisasie 'n "Persoonlike-, bestuurs- en aksiekursus" aan. Die kursus help die persoon om die "tipe persoon te word wat sukses kan behaal', leer die teoretiese en praktiese aspekte van bestuur en leierskap, en hoe om die twee elemente op 'n daaglikse basis te kombineer.


Volgens mnr. Cook is die kursus baie doeltreffend al is dit net tien uur lank. Verdere besonderhede is verkrygbaar by tel. (021) 925019.


commodore 64
STILL AT THE GOOD OLD PRICE



R499.00
WHILE STOCKS LAST
PLUS A LARGE RANGE OF SOFTWARE

CONIC MONITOR
HIGH RESOLUTION
SCREEN MONITOR
INTERFACES TO MOST
POPULAR COMPUTERS




STILL ONLY
R239.95

SEIKOSHA GP 100
VC PRINTER
COMPATIBLE WITH
VIC 20 AND
VIC 64
COMPUTERS



R369.00

EPSON RX-80
DOT MATRIX PRINTER
100 CHARACTERS PER SECOND
TRACTOR FEED ONLY, BI-DIRECTIONAL
WITH LOGIC-SEEKING



R599.00

SEIKOSHA GP 50S
DOT MATRIX
GRAPHIC PRINTER
FOR SPECTRUM
WITH OR WITHOUT
MICRODRIVE



R249.00

FOR FURTHER DETAILS REGARDING OUR WIDE RANGE, CONSULT YOUR HOME COMPUTER CONSULTANT, STEPHAN COETZER

KOMPUTER KIOSK
KERK STREET
STELLENBOSCH
73004

RX80 FT
SPECS AS ABOVE, BUT
FRICTION AND TRACTOR
R770.00

# Misbruik van geld by USKOR ontken

GERUGTE van finansiële wanpraktyke in die Universiteit Stellenbosch se Klinieke Organisasie (USKOR) is deur die uitvoerende direkteur, mnr. Charl de Villiers, ontken.

### Moontlik

Hy het gesê dat hoewel daar moontlik "misbruike van geld kan plaasvind", geen uitgawe sonder die magtiging van die direksie mag geskied nie.

Volgens mnr. Daniel J. Ross, die direksie-ondervoorsitter, was daar in die afgelope termyn geen ongerymdhede nie, hoewel so iets in die verlede moontlik kon plaasgevind het.

USKOR het juis weens "probleme" in hul administrasie 'n struktuurverandering ondergaan, het mnr. Ross gesê.

Die nuwe motorkoopskema, waarvolgens professionele werknemers motors goedkoper kan aankoop, is deur mnr. Ross verdedig. Hy het dié skema beskryf as 'n byvoordeel, wat verseker dat USKOR net die beste werkers trek.

Dit het ook geblyk dat USKOR teenstand ondervind van die Kleurlinggemeenskap waaronder hulle werksaam is.

### Radikale

Die organisasie lewer tans geen dienste by die Hoërskool Scottsdene nie, hoofsaaklik weens die teenkanting van die leerlinge. Volgens mnr. Ross word die leerlinge sterk beïnvloed deur "radikale politieke groepe".

### Scottsdene

Me. Corinne Fourie, die gebiedsvoorsitter vir die Scottsdene-area, het gesê dat die skoolpersoneel ook die leerlinge téén USKOR beïnvloed.

Volgens haar is daar wel by die laerskool USKOR-programme aangebied, en is gunstige reaksie ontvang. Werksaamhede by die hoërskole in die Scottsdene-area is deur mnr. Ross as 'n langtermyndoelwit beskryf.

### Teenkanting

Mnr. Ross het ook ontken dat die beoogde onttrekking van USKOR se vrywillige diens aan die Stellenbosse woonbuurt Cloetesville voortspruit uit die gemeenskap se teenkanting teen dié organisasie. Volgens hom is dié gemeenskap nou selfstandig genoeg om sonder USKOR se dienste te funksioneer. Daar sal egter voortgegaan word met die professionele maatskaplike dienste.

### Studente

Volgens mnr. Ross het USKOR ook 'n projek van stapel gestuur om studente in te lig oor die organisasie se werksaamhede. Daar gaan ook nouer met die Karnavalkomitee in 1985 geskakel word, sodat studente weet hoe die meer as R200 000 wat hulle met karnaval insamel, bestee word.

Me. Corinne Fourie het ook die gebrek aan publisiteit geblameer vir die swak belangstelling in die welsynsorganisasie. Volgens haar "stel die gemiddelde student nie belang in USKOR nie, omdat hulle nie weet wat daarin aangaan nie".

# Skaakmarathon 'n reuse-sukses

MATIES het laat verlede Donderdag kopskuddend 'n verbete 25-uur skaakstryd in die LSS-loopgang dopgehou.

Die geleentheid was die jaarlikse US-skaakmarathon en die doelwit om die lang nagure te skaakmat. Moeë lywe en koppe van die bekendste Matie-skaakmeesters het hul reputasies op 'n reuse skaakstel op die spel geplaas. Blitsskaak is gespeel, koffie afgesluk en na Pink Floyd geluister in 'n poging om tot die volgende middag wakker te bly.

Volgens mnr. Wilfred Stark, voorsitter van die US-skaakklub, was die doel van die marathon om skaak bekend te stel aan die breë studentemassa. Borgskappe van R200 het die spelers gerugsteun.

Die marathon sluit 'n uiters suksesvolle jaar vir die US-skaakklub af. Die Universiteitspan was tweede in die WP-liga, skaak-erekleure is aan vyf spelers toegeken en 'n suksesvolle koshuisliga-seisoen is georganiseer.

## *Vires* is beste kwartaalblad

DIE volgende publikasies is Dinsdag as die Universiteit se bestes vir 1984 aangewys:

Die Cape Times-beker vir die beste koshuis-kwartaalblad:

1. *Vires Unitates* (Eendrag)
2. *Hippokrit* (Hippokrates)
3. *Skizofrancia* (Huis Francis van Zyl)

Die Publikasiekomitee-beker vir die beste koshuisjaarblad:

1. Deel: *Uitlewing* (Majuba) en *Die Eiffel* (Dagbreek)
2. *Senorina* (Serruria)
3. *Hippokampus* (Huis Neethling)

Die Nasionale Pers-trofee vir die beste verenigingsblad:

1. *Penseel* (ASK)
2. *Stap Nou!* (BTK)
3. *Der Stachel* (DASUS)

# *Koherente heelal basis vir wêreldvrede – diplomaat*

SLEGS as die mens 'n totaal nuwe ingesteldheid teenoor sy medemens en die werklikheid het, sal die huidige politieke probleme van die wêreld opgelos kan word, het mnr. John Graham verlede Dinsdag by 'n vergadering van die Sokratiese vereniging gesê.

### Insigte

Mnr. Graham, wat lank in die VSA se diplomatieke diens gewerk het, was onder andere betrokke in die VSA se konfrontasies in Viëtnam, Libië en in die ontplooiing van kernwapens in Wes-Europa. Sodoende het hy intiem vertroud geraak met die resultate van magspolitiek en geweld.

Ná 15 jaar se ondervinding van konfliksituasies het mnr. Graham tot nuwe insigte oor die oorsake daarvan gekom. Hy het begin glo dat magspolitiek gewortel is in 'n mentaliteit van "for me to win, you have to lose", het hy gesê. Vir die meeste mense vandag is dit belangriker om *reg* te wees as om die probleem op te los. Hierdie mentaliteit is veral te vinde by politieke instellings, het mnr. Graham gesê.

Die rede hiervoor is dat politiek deesdae dien as 'n arena vir die uiting van persoonlike frustrasies. Volgens mnr. Graham kanaliseer mense hul private agressie, onsekerhede en frustrasies na politieke instellings — en politiek word gevolglik gekenmerk deur konflik en geweld.

Agter hierdie frustrasie en agressie lê die *beeld* wat die mens van homself en sy heelal het, het mnr. Graham gesê. Volgens mnr. Graham is dit hierdie beeld wat bepaal hoe mense hul lewens struktureer.

Die probleem met die huidige politieke situasie is dat mense hulself as basies *alleen* sien. Die mens sien nie die eenheid en doelgerigtheid van die heelal nie en voel gevolglik onseker en bedreig.

### Inherent

Die basis vir wêreldvrede kan volgens mnr. Graham slegs gelê word deur 'n nuwe beeld, waarin die heelal gesien word as betekenisvol en koherent. Ongelukkig is dit nie moontlik om vir mense te *leer* om die wêreld so te sien nie. Hierdie vermoë is gelukkig inherent aan die mens, en elke persoon kan homself leer om 'n meer positiewe beeld van die wêreld te hê. Al wat mense moet doen, is om hul intuïsie te vertrou en hulself nie te laat oorheers deur 'n leë intellektualiteit nie.

As dít suksesvol gedoen kan word, sal mense van verskillende politieke oortuiginge begin agterkom dat die oënskynlike konflik tussen hul idees versoen kan word in 'n hoër geheel, en dat hulle meer in gemeen het as wat hulle aanvanklik sou dink.



Drie van die stigter-professore van die Fakulteit van Ingenieurswese wat die veertigjaar-reünie van die Fakulteit op 29 September bygewoon het. Hulle is v.l.n.r. proff. R.L. Straszacker (Meganiese Ing.), R. Truter (Siviele Ing.), en A. Heydorn (Elektrotegniese Ing.), saam met die huidige dekaan, prof, H.C. Viljoen.

## FAKULTEIT INGENIEURSWESE

# *Veertigste bestaansjaar word feestelik herdenk*

DIE Fakulteit van Ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch vier vanjaar sy veertigste bestaansjaar. Hierdie geleentheid is feestelik herdenk gedurende die naweek van 28-29 September deur 'n reuniedinee van huidige en oud-studente en -dosente.

By hierdie geleentheid is Medaljes vir getroue diens aan afgetrede personeel oorhandig. Vier silwer fakulteitsmedaljes is aan proff. R.L. Straszacker, A. Heydorn, J.M. le Roux en R. Truter oorhandig. Prof. Truter was die opvolger van prof. M.L. Reitz, die eerste dekaan en stigter van die departement Siviele Ingenieurswese.

Die hoofspreker by die dinee was Sy Ed. min. Danie Steyn, Minister van Mineraal- en Energiesake, 'n oud-student van die fakulteit. Min. Steyn het in 1948 afgestudeer in die Elektrotegniese Ingenieurswese.

Opleiding van ingenieurs het reeds in 1941 'n aanvang geneem toe die Universiteit toegelaat is om 'n driejarige B.Sc-graad "met ingenieursvakke" aan te bied. Die veronderstelling was dat studente wat hierdie B.Sc-graad ontvang het, die laaste twee jaar van hul studie 'n ingenieursgraad aan die Universiteit van Kaapstad of die Universiteit van die Witwatersrand sou afhandel.

Dit sou voortgaan totdat 'n voldoende getal studente hulle ingeskryf het vir die graadkursus, wanneer daar tot die stigting van 'n ingenieursfakulteit oorgegaan sou word.

Met die intrapslag in 1941 het 41 studente hulle vir die eerste jaar van die kursus ingeskryf en kon die planne in gereedheid gebring word om 'n volwaardige fakulteit te stig. Die eerste dekaan was wyle prof. M.L. Reitz. Hy is kort hierna aangevul deur prof. Straszacker.

Die eerste ingenieursklasse is in die ou Fisikagebou aangebied: Dié gebou, wat sedertdien gesloop is, het op die huidige parkeerterrein voor die H.B. Thom-teater gestaan. Die fakulteit is intussen na die gebou wat tans die beeldende kunste huisves, verskuif voordat dit in 1970 weer verskuif is.

# Donateurs



Die jaarlikse skenking van Volkskas aan die US is onlangs aan die rektor oorhandig. Op die foto verskyn v.l.n.r. prof. Roux de Villiers (Vise-Rektor), prof. Mike de Vries (Rektor), mnr. Koos Theron (Streekhoofbestuurder van Volkskas in Kaàpland) en Ds. Jan Hanekom (Lid van die US-Raad).

# Klasgelde

ALLE klasgelde, met uitsondering van gelde vir nagraadse kursusse, sal vanaf 1985 op 'n vakkursusbasis gehef word.

Volgens hierdie nuwe stelsel sal 'n student moet betaal vir die spesifieke vakke waarvoor hy ingeskryf is. Soos in die verlede mag geen vakkursusse verander of bygevoeg word ná die keerdatum vir laat registrasie nie.

Vanaf 1986 sal daar 'n aansienlike heffing geplaas word op vakkursusse wat herhaal word.

Daar bestaan ook 'n moontlikheid dat die registrasie van studente in 1985 met behulp van rekenaarterminale gedoen sal word.

WEET JY WAT SWAPO OOR HOMSELF TE SÊ HET?



- SWAPO wil die volgende in Suidwes hê:
  1. Volledige versosialisering van die ekonomie, m.a.w. weg met die vrye-ondernemingstelsel. Nog 'n Afrikastaat met 'n opgemorste ekonomie en hongerly dus!
  2. 'n Eenparty diktatuur.
  3. 'n Marxisties-Leninistiese "Klaslose Samelewing."
- Aartbiskop Hurley se standpunt oor Suidwes.
- 'n Akademiese studie van 66 bladsye gegrond op meer as 200 publikasies, die meeste van hierdie publikasies van SWAPO self!

BESTEL NOU (drukletters asseblief)

Suid-Afrikaanse Katolieke Verdedigingsbond, Posbus 226, Silverton 0127

Hierby R ______ vir ______ boekies van DIE VOLLE WAARHEID OMTRENT SWAPO

Ek wil graag tot hierdie veldtog bydra: R______

Mnr/Mev/Mej ______

Adres ______

Stad/Dorp ______ Poskode ______

R2 elk
10 boekies en meer: R1,50 elk

BINNEKORT BESKIKBAAR: die Duitse Uitgawe
Engelse uitgawe reeds beskikbaar

## Rona Rupert

# Haar huis is vol stories en musiek

**'n Profiel deur Suzette Truter**

*DIE rustigheid van die boomryke tuin en die Eersterivier wat verby haar huis kabbel, word weerspieël in Rona Rupert as mens en skryfster van kinderboeke.* Die Matie *het met haar gaan gesels en 'n warm mens met 'n fyn en kunssinnige gees gevind.*

ST: *Waar het u groot geword?*

RR: Ek is gebore op Calvinia en het die grootste deel van my kinderjare op 'n plaas in die Hantam deurgebring. My lewe as plaaskind was een vol van die wonder van die natuur. Dit het 'n geweldige invloed op my lewe gehad en sal altyd onlosmaaklik deel van my wees, juis dalk omdat my vorming as mens daar begin het.

ST: *Het u toe reeds besluit om 'n skryfster te word?*

RR: Ek het nooit werklik die besluit gemaak nie. Reeds op sewejarige ouderdom het ek begin skryf. Van kleins af was daar die behoefte in my om gevoelens uit te druk in woorde.

ST: *Taal speel dus 'n belangrike rol in u lewe?*

RR: Beslis. Taal is vir my 'n wonderlike instrument waarmee jy alles wat jy binne in jou ervaar kan weergee en oordra aan ander. Nie alle mense kan dit deur taal doen nie. Een van my musiekleerlinge maak byvoorbeeld gebruik van komposisies om sy emosies met ander te deel.

ST: *Mense beskryf u huis as "'n huis vol stories en musiek". Beteken musiek vir u baie?*

RR: Musiek neem oor waar woorde ophou. Ek put



soveel genot en bevrediging uit my musieklesse vir kinders. Dit is heerlik om met hulle te werk en hulle entoesiasme te deel. Dit voel al vir my of hul my eie kinders is.

ST: *Waarom verkies u om eerder vir kinders te skryf?*

RR: Ek is onsettend lief vir kinders. Hulle is nog so oop, ongekompliseerd en sonder pretensies. 'n Mens kan in eenvoudige taal met kinders kommunikeer, sonder om gebruik te moet maak van woorde met dieperliggende en dubbelsinnige menings, wat soms nodig is wanneer mens vir volwassenes skryf.

ST: *Waar kry u al u idees vandaan?*

RR: Spesifieke insidente, 'n gebaar van 'n persoon op straat of selfs net iets wat iemand sê kan my inspireer om 'n nuwe boek te begin.

Terwyl ek oorsee was, het ek onder andere 'n man gesien wat ek onmiddellik geëien het as die pa van een van my "kinders" in my boek.

ST: *U het 'n geweldige fyn aanvoeling en begrip vir kinders wat sterk deurskemer in u boeke.*

RR: Volwassenes is nie altyd bewus van die traumas wat 'n kind soms beleef nie, hoe kwesbaar, onseker en verward die gemoed van 'n kind kan wees nie. 'n Kind kan soms so vreeslik gelukkig wees en dan weer so vreeslik ongelukkig.

ST: *U boeke het uiters treffende titels soos* Woorde is soos wors *en* Te rooi vir woorde. *Wanneer besluit u op die titels?*

RR: Voor ek nog begin skryf, tob ek eers dae lank oor 'n idee en die karakters van my nuwe boek. So ontplooi en ontwikkel my karakters totdat ek voel ek ken hulle al jare lank. My idee vir 'n titel kom gewoonlik maar so algaande.

ST: *Watter boek sou u as u gunsteling beskou?*

RR: Dit is eintlik dieselfde as om vir 'n ma te vra watter kind haar gunsteling is. Elkeen het vir my 'n spesiale betekenis, hoewel ek 'n besondere gevoel vir my eerste boek het.

ST: *Het u enige spesifieke planne vir die toekoms?*

RR: Ek werk op die oomblik aan 'n boek. Vir my is daar seker niks anders wat ek liewers wil doen as om te skryf nie. Dit is so deel van my dat ek 'n lewe daarsonder nie kan voorstel nie. □



Rona Rupert skryf vir kinders omdat hulle so oop, ongekompliseerd en sonder pretensies is.

# Niteshift — a new experience just down the alley

NITESHIFT — a man shines his torch on the door entrance and has caused many to comment on the exterior decor. The new restaurant, which recently opened in Andringa Street, is the product of three months of hard work by owner, manager and chef, Paul Deiponte, and co-partners Sylvia Engelbrecht and Mimi Heyns. Mr Deiponte said, "The restaurant is based on the idea of a modern Italian bistro, which are commonly making their appearance in Italy today." As such the decor is modern, with wallpictures in seemingly high technics style, yet it retains a homely atmosphere with its wooden furniture and warm pink colour theme. Its intimacy is emphasised by its small, secluded setting at the end of an alleyway.

"We have taken students into account and kept our prices low," says Mr Deiponte.

"No individual item is more than R7 and people can walk out of here having had a good meal for not more than R12 to R15." But the restaurant is not specifically aimed at students and has had a pleasing response from all members of the Stellenbosch community. What it hopes to establish is "something different".

It is open every day of the week, from 9 am in the morning until late at night. When asked whether it would be an "all-night" place, Mr Deiponte said he would stay open as long as there were customers at late hours. He said, however, that "the restaurant is something opposite to a place like the Midnite Grill".

Daily the food consists of light meals and snacks, while at night it specialises in pastas. According to Mr Deiponte, there is no other "pasta place" in Stellenbosch, which specifically serves pasta, as distinct from pizzas. He himself is partly of Italian origin, his father being Italian, and the males in the family are all long established in the cooking trade. Previously, the family ran the "Blue Danube" in Cape Town, a large restaurant seating up to 230 people or more. It was known for its jazz performances, as well as hosting groups such as Ballyhoo and Rabbitt.

Mr Deiponte worked in the family business for three years after serving his two years in the army as a chef in the officer's mess. Finally, after gaining a few more year's experience in other places, he has set out on his own independent venture. He hopes to have jazz music performances in the new restaurant on Sunday nights.

All in all the place is worth paying a visit and "very good" is not an unusual comment by someone who has already experienced a meal there. □

**LUCIA POORTER**




*Niteshift's* intimacy is emphasised by it's small secluded setting at the end of alleyway.

## L'ART

### L'ART INTRODUCES: MARINETTI

"We proclaim that the magnificence of the world has been enhanced by a new beauty; the beauty of speed."

These words astonished the readers of the *Figaro* on the morning of 20 February 1909, set under the heading "Manifesto of Futurism". They came from the pen of Filippo Tommaso Marinetti.

Marinetti (1876-1944) was an Italian poet and writer who is remembered today as the founder and guiding spirit of Futurism. His poems anticipated the main elements of futurism; the exaltation of modernity and intoxication with speed as exemplified by the motor car.

His manifesto was coached in deliberately provocative language. Its aim was to shock and it was from this rather than from the originality of ideas that its great vitality derived. The main themes which remained



Marinetti himself

throughout the themes of the Futurist movement, were an aggressive campaign for the destruction of traditional values, social and artistic, an obsessive enthusiasm for modernity as exemplified in speed.

On the negative side the manifesto demanded the repudiation of traditional social values, both cultural and political. On the positive side it called on the young to immerse themselves in the dynamism of the modern age, which for Marinetti was symbolized by speed and by the technology of the machine.

Marinetti was an indefatigable traveller and lecturer and by his personal visits corned Futurist ideas as far afield as Moscow and London. He was one of Mussolini's earliest followers and in 1916, after the dissolution of the first phase of Futurism, he formed the movement with a younger group of artists in Italy.

This second phase of Futurism lacked the creative energies of the first and lacked the conditions for them. Artists were under strong pressure to favour themes dealing with the glorification of Fascism, nationalism and war.

Futurism, under the guidance of Marinetti, has one great merit; it stated plainly and clearly not only that artist and poet could find their sources of inspiration in modern life, but that they *should* find them in modern life — there and nowhere else. □

**ANDRIA LUBBE**

'n Tentoonstelling van vlieërs deur Stephan Coetzer, 'n fotografie-dosent, open op 5 November in die U.S. Kunsmuseum (h/v. Dorp- en Birdstraat).

# *Improvisasie deur tweedejaars beïndruk*

*VANAAND improviseer ons,* 'n Pirandello-stuk wat deur die tweedejaars van die Dramadepartement opgevoer is. Dit was ervaringsteater soos nog selde op Stellenbosch beleef is.

Die reaksies van die gehoor was verrassend positief. Vir hulle was dit 'n onkonvensionele ervaring. Mense het vanuit die saal gepraat wat by tye ook as speelruimte gebruik is.

Daar was baie outentieke momente en die spelers het daarin geslaag om die gehoor te betrek. As gevolg van die improvisasies was die spel natuurlik en opgewonde.

Pirandello het rolle geskep wat min verskil van die spelers se eie sosiale rolle. Daarom kon hulle sonder inspanning oorskakel tussen hulle sosiale en toneelmaskers.

Veral Marion Holm het geïmponeer met haar vertolking van Mommina. Haar spel het oortuig, hoewel sy 'n moeiliker personasie gehad het. In die dakkamertoneel het die dekor nie heeltemal met die teks ooreengestem nie, en hoewel die verskil onbeduidend was, het dit 'n komiese reaksie ontlok.

Casper de Vries het 'n sterk deurbraak gemaak en sy tragi-komiese mededeling was besonder geslaagd. Ilona Frege as Madame Ignazia het 'n sterk bewegingspatroon ontwikkel en haar stemritmes het egtheid aan haar personasie verleen.

Ten spyte van 'n effense nuansetekort het Gustav Geldenhuys beïndruk met sy eerlike spel en kragtige mededeling. Ook Roland Visser het kragtige spel gelewer as Dr. Hinkfuss.

Die kabarettoneel was besonder geslaagd. Die skaduwees teen die doek pas goed aan by die Pirandello-idee wat die mens slegs as 'n skaduwee beskou.

Die stuk was boeiend in die sin dat dit slegs probleme daargestel het, en geen oplossings gegee het nie. Die spelers het 'n lewendige teater geskep.

Miskien is hierdie tipe teater die oplossing om weer gehore te trek — maar waarom dan net die een opvoering? □

**SUNÉ PAUW**

## Wen R500 met kuns

DIE Sand du Plessis-teater wat tans in Bloemfontein voltooiing nader, benodig 'n embleem en daar is besluit om 'n landswye kompetisie te loods vir 'n embleem.

Die kunstenaar wie se ontwerp aanvaar word sal 'n prysgeld van R500 ontvang. Die kompetisie is oop vir almal en sluit op 15 Januarie 1985.

Inskrywingsvorms waarin die inskrywingsvoorwaardes en ontwerpspesifikasie voorkom, is verkrygbaar van die Hoofbestuur, Sand du Plessis-teater, Posbus 6476, Bloemfontein 9300. □




U.U.B. *VIR AL U*

★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk

PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337

# AMAMPONDO AND BOB VAN SICE

# Its beauty left you breathless with ecstasy




*Amampondo's* music is an awe-inspiring sound that the Western mind automatically associates with all the myths of this continent: the ritualistic beat at the heart of the darkness.

***AMAMPONDO*, traditional African music group, in concert with Bob van Sice, one of the world's foremost contemporary marimba players and currently principal Timpanist of the Cape Town Symphony Orchestra. Endler Hall, October 17 and 19.**

The Endler Hall with its distinct concert atmosphere is not exactly the place in which to listen to a group like *Amampondo*. One needs an open place where you can smell the dust and sweat of active bodies and thumping feet, and where you can dance freely to their pulsating music. But while listening to their music, you can close your eyes and experience the message of an unconfined outside of which it speaks.

*Amampondo* and Bob van Sice were a hypnotic combination. Bob van Sice's presence on stage caused some inhibition among the *Amampondo* musicians, and this lead to an unsatisfactory spontaneity, although the music itself did not suffer in the least. It is almost impossible to except any of the songs, but *Michi*, Bob van Sice's improvisation on a song composed by Keiko Abe, showed that the marimba is a sensitive and very versatile instrument with an amazing ability for sound differences. *Wadenza* introduced an Ugandese instrument, the Akadinda, which caused me to sit thrilled and invigorated by the seeming freshness of the sound of this ancient instrument.

The second part of the concert was a stunning change in *Amampondo's* mood. Suddenly the audience experienced music of a raw and primitive beauty — music that haunts your memory. None of the songs are to be excepted — it brought together such a wide variety of traditional African compositions, that *Amampondo* can with right be regarded as the unproclaimed guardians of that tradition in this part of the continent. The chanting almost always remained a background element, but blended perfectly with the cascading music. To attend a show which actually depends on the music and not on the visual performance of the members of the group, is a rare and gratifying experience.

But who is this group *Amampondo?* Their leader is Dizu Zungula Plaatjies, whose motivation lies in a powerful drive to bring the rural culture and customs he took for granted back into the life of his Langa community. He takes his audiences through the slow chants from the Pondoland hills; he stamps out dances that leave them breathless.



Dizu at home in Washington Street, Langa, practising on a harp from northern Africa.
Photo: Fair Lady

*Amampondo* started off as one man with drum and a passion for his past. When the group started playing publicly three years ago, critics were sceptical. They said it would never last: city people were attuned to Western instruments; they do not understand or like traditional African music.

The man with the drum said he didn't care. The music was there and it had to be played. The drummer was Dizu and his instinct was right. He has led his band past the temptations of acoustic guitars to major recognition.

Offstage Dizu looks like any of the workers who commute between Langa and Cape Town centre. His life is a map of the black South African experience and his music is inseparable from it. It is that, more than anything else, that he brings to the stage — not in protest, but in affirmation of a certain wisdom.

When Dizu started playing his drum, like the message of the tom tom, it was heard and answered. First came Simpiwe Matole, then Nkululeko Ludonga, Blackie Mbizela and Mzwandile Qotoyi. Together they had Dizu's drum, three bongo's and a xylophone and took to play in the streets of Cape Town to earn money to buy more instruments.

A journalist, Bruce Gordon, became their manager. In their music he saw a potential for bridging the cultural gap in South Africa.

*Amampondo's* first performances were in the streets of Cape Town; their audiences the Saturday morning shoppers. Even then their music was exciting and the impromptu performances incredibly energetic.

Their music has been described as a "sensory hurricane", and a better description will be hard to find. It makes one proud, so proud that you could burst, but why you are not able to tell. The white population of South Africa is too closely connected to their European origins to suddenly experience an emotional bond with Africa, but *Amampondo's* music explains something of its hidden mistery.

**LOMIN SAAYMAN**

# 33 1/3 RPM Side 1

David Kramer:

**KWAAI**

JIS, jis, jis! Hoelykit, hoelykit? What kind, ek sê! Bakgat! Lekka, lekka! Kwaai!

Ek kan nooit na 'n nuwe David Kramer-wonderwerk luister sonder om aan André P. Brink en Pieter-Dirk Uys te dink nie. Want al drie besit 'n onbetwisbare talent vir observasie wat hulle al deeglik in die nasionale psige ingewortel het; al drie het met min of meer briljante pogings gedebuteer; en al drie gaan voort om dieselfde poging keer op keer te herhaal — elke keer slegs in 'n ander vermomming.

Kan 'n mens eerstens net sê wat 'n treurige refleksie hierdie aankarring op dieselfde tema op 'n kunstenaar se artistieke integriteit werp — 'n kwessie van kyk hoe ver jy met die minste moeite kan kom, van hoe om 'n klein bietjie so lank moontlik uit te rek. Tweedens begin 'n mens stadigaan moeg word vir die "Lag Vir Jouself"-konsep wat hierdie kunstenaars nou al verskeie jare met soveel sukses in die nasie se keel afdruk. Die "Ek's 'n Blanke Maar Ek's 'n Afrikaanse Blanke So Ek's OK"-grappie is tog lankal *passé*. Verder kan 'n mens seker met 'n sekere mate van veiligheid aanvaar dat nie alle Afrikaners seksperverte, rassiste of sommer net agterlik is nie.

Nou bestaan daar sekere patete wat aanvoer dat indien jy nie van 'n kunstenaar hou nie, jy mos nie sy produk hóéf te koop nie. Hierdie absurde argument geld tog seker nie vir ons topkunstenaars nie? Wanneer 'n mens dus 'n nuwe David Kramer-plaat koop, verwag jy méér as net 'n opstuur van Cora Marie en Cupido — hulle kan 'n mens nog vergewe, hulle weet nie wat hulle doen nie — iets meer sinvol; nie slegs 'n Xeroxkopie van sy eerste (briljante) plaat nie. Daar is egter niks op *Kwaai* wat 'n enkele rilling langs die ruggraat sal afstuur, jou die bottel vlugsout sal laat gryp en by die venster laat uithang of 'n traan na die oog sal bring nie — tensy jy natuurlik 'n potlood daarin druk.

*Kwaai* is beslis onkwaai. Die derderangse lirieke is getoonset op vyfderangse 1930's boeremusiek. Die musisering is totaal ongeïnspireerd. Die beste snit — indien daar so-iets hierop bestaan — is seker "Saterragaand", maar wie o wie het die patetiese video hiervan uitgedink wat 'n paar weke gelede oor Pop Shop vertoon is? 'n Laagtepunt!

As 'n mens volgens die omslagnotas kan oordeel, was David & kie. duidelik ingenome met hierdie selfbelangrike produksietjie.



Onse David.

Voor hulle hul egter kon kry, het die hele poging agter hulle verrys en hulle doef! oor die kop geslaan.

Nee wat, David Kramer. Gaan speel hierdie gemors vir die kubuskwekers op Garies, vir tant San in haar vetkoekden of vir die manne in die Royal Hotel. Gee my die checkbroek, gee my die rooi skoene — maar asseblief, *hóú* die David Kramer-plaat.

**MARINUS V. RAVENSTEIN**

# *Weinig te sien by uitstalling*

KUNS is die uitdrukking van 'n idee, gevorm met behulp van menslike talent deur die gebruik van media. Dit reflekteer die mens en sy verhouding met die omgewing.

Die doel van kuns is om 'n emosie wat jy ervaar oor te dra deur middel van lyn, kleur en vorms sodat iemand anders wat daarna kyk dieselfde gevoel kan beleef. Kuns hoef nie gedefinieer of verstaan te word om waardeer te word nie. Dit moet slegs ervaar word. As iemand al ooit iets intens ondervind het en dit met iemand wou deel, het hy alreeds die beginpunt van kuns bereik.



Die uitstalling van werke deur oud-studente duur tot 31 Oktober.

Die uitstalling by die Kunsgalery in Dorpstraat van die oud-studente lewer weinig besonder treffende werke op. Dit is dalk die gebrek aan 'n deurlopende tema wat hiertoe bydra.

Basie Koen se *Triptiek: Ontmoeting, Verwarring en Skeiding*, verdien egter vermelding. Dit toon 'n besondere styl en tegniek asook goeie kleurgebruik. Sy werk is een van die hoogtepunte van die uitstalling.

Die effek van *Blou* deur Louis Janse van Vuuren is verouderd en daardeur verloor dit sy treffendheid. Ook Cora Coetzee se *Odondeka* is nie so uitstaande soos 'n mens van haar sal verwag nie. Louis Hennigs se werk is redelik vaal en vervelig.

Die uitstalling is baie algemeen en die kuns redelik gemiddeld hoewel daar hier en daar werke van noemenswaardige aard is.

**CHRISTELLE BELLINGAN**

Op Maandag, 22 Oktober 1984 vind *Musicultus* se jaarlikse komposisie-aand in die Endlersaal plaas. Toegang is gratis.

**UNIVERSITEITSKOOR 1985**

**Oudisies word vanaf 22 Oktober tot 2 November afgeneem vir lede van die Universiteitskoor vir 1985. Vakatures bestaan in al die stemgroepe.**

**Oudisies word op Maandae tot Donderdae vanaf 19h00 tot 21h30 afgeneem en Vrydae van 10h00 tot 13h00.**

**Voornemende koorlede kan vir mnr. Bart Cronje of mej. Mariana Vermeulen by tel. 77579 of 77644 skakel en 'n afspraak reël.**

# Kunskalender

**MUSIEK**

**• Endlersaal**
Sat. 27 Oktober: US Strykensemble met Eric Rycroft as dirigent.
Son. 28 Oktober: Haiko Siemens, besoekende Duitse orrelis.
Don. 1 November: Etensuurorreluitvoering deur Elna Bezuidenhout.
Son. 4 November: Laura Searle: klavieruitvoering.

**• Nico Malan**
Etensuurkonserte in die Operahuisfoyer op 31 Oktober, 21 November en 28 November om 13h10.

**• Kaapstadse Stadsaal**
Sondagaandkonserte 28 Okt., 4 Nov., 11 Nov., 18 Nov. en 25 Nov.

* * *

**TEATER**

**• Nico Malan**
22 Okt. — 10 Nov.: *Ek, Anna van Wyk* deur Pieter Fourie.

**• Baxter**
26, 27 Okt.: *In praise of Rattigan:* 'n Pieter Toerien-produksie.
25 Okt. — 3 Nov.: *PS Your Cat is Dead:* An unusual adult comedy.
30 Okt. — 17 Nov.: Pieter-Dirk Uys in *Total Onslaught 1984.*

* * *

**FILMS**

**Cine 1 + 2**
25 — 27 Okt.: *The Karate Kid* (2.30, 5.30, 8 nm). *Scarface* (3, 6, 8.30 nm)
27 Okt.: *Smokey and the Bandit II* (11vm).
29 — 30 Okt.: *Tender Mercies* (Best Actor Academy Award 1984) 2.30, 5.30, 8 nm *The Thomas Crown Affair* (Steve McQueen and Faye Dunaway) 3, 6, 8.30 nm.

pikkie blommaert

FOTO STUDIO LOCKLEY
(Albert Langenberg)
Professionele & Gelisensieerde Fotograaf
*Die Student se Fotograaf*
Vir kwaliteit en persoonlike diens. Ons spesialiseer in:
★ Kleurportrette
★ Studente groepfoto's
★ Persoonskaarte (ID-foto's)
★ Troufoto's
★ Kommersiële fotografie ens.

Maak vroegtydig 'n bestelling vir gradeplegtigheidsfoto's
TEL.: (02231) 3131
PLEINSTRAAT 21
STELLENBOSCH 7600

Die Matie
Donderdag, 25 Oktober 1984

# Studente moet saam soek na geregtigheid

**DR. ALLAN BOESAK het Vrydag op die SAAK-vergadering harde woorde gesê. Dat dit ook waar woorde was, val nie te ontken nie.**

**Dis noodsaaklik dat ons op Stellenbosch kennis neem van mense soos dr. Boesak se standpunte. Ons sit in relatiewe isolasie en met 'n mate van selfvoldaanheid hier in ons ivoortoring, en is dikwels grootliks onbewus van die probleme waarmee mense aan ons buuruniversiteit te kampe het.**

**Dit is ongelukkig so dat daar 'n groot mate van ongeregtigheid in Suid-Afrika heers. Die vraag is hoe hierdie toestand verander kan word. Dit het tyd geword dat Stellenbosse studente ernstig begin dink oor hierdie probleem. Dr. Boesak is een van die min mense wat nog geweldlose verandering voorstaan en bereid is om met die blanke (Afrikaner-)heersersgroep in gesprek te tree — dit is ons plig om hierdie aanbod en uitdaging te aanvaar. As ons geslag nie bereid is om te onderhandel op die pad na wesentlike verandering en versoening in Suid-Afrika nie, sal daar inderdaad, soos dr. Boesak gesê het, nie meer iemand oorbly om met mekaar versoen te word nie.**

**Daar het weliswaar die afgelope paar jaar veranderings in Suid-Afrika plaasgevind. Dit word egter as blote kosmetiese veranderings ervaar: die nuwe grondwet word deur die oorgrote meerderheid van die bevolking verwerp omdat hulle dit sien as net nog 'n manier om apartheid te verskans. As ons geweldlose verandering in Suid-Afrika wil sien moet ons mense soos dr. Boesak ernstig opneem en besin oor 'n staatsbestel waarin geregtigheid sal heers. Intussen bly ons aanspraak om 'n "Christelike volk" te wees, blote hol woorde in die oë van die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking.**

# Johan de Villiers

**DIE Universiteitskoor Stellenbosch lewer op 1 Desember hul laaste uitvoering onder Johan de Villiers. Onder die bekwame hande van prof. De Villiers het die koor groot hoogtes bereik. Dis met spyt dat Stellenbosch afskeid neem van 'n uitstekende dirigent.**

**Prof. De Villiers het op 1 Januarie 1977 die leisels oorgeneem by prof. Philip McLachlan. Hoogtepunte van die koor onder sy leiding sluit onder meer twee oorsese toere in, in 1979 en 1983. In 1983 is die koor ook aangewys as die wenner van die SAUK-TV-korekompetisie vir universiteits- en kollegekore.**

**Noudat prof. De Villiers en die koor se paaie skei, word albei voorspoed toegewens vir die toekoms. Met 'n veelsydige man soos prof. De Villiers (hy is buiten musikus ook professor in Toegepaste Wiskunde) en 'n professionele koor soos die Universiteitskoor Stellenbosch kán dit immers net voorspoedig gaan!**

## SENIOR REDAKSIE

**HOOFREDAKTEUR:** ANTON STEENKAMP, Eendrag (Tel. 72610)
**REDAKSIEKANTOOR:** Langenhoven-studentesentrum nr. 435, 436 en 438 (Tel. 72332 en 5979)
**SEKRETARESSE:** SONIA LOUW, Nerina (Tel. 2018)
**BOODSKAPPE:** Sekretaresse, SR-kantoor, LSS (Tel. 70138)
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** RIAAN SMIT, Addelaarstraat 3 (Tel. 4403)
**ADVERTENSIEBESTUURDER:** JANNIE NEL, Eendrag (Tel. 72610)
**HOOFNUUSREDAKTEUR:** ERIC LE GRANGE, Huis Marais (Tel. 2287)
**AKTUELE REDAKTEUR:** LOU-MARIE KRUGER, Pieke-woonstel nr. 5 (Tel. 9882)
**NUUSREDAKTEUR:** MARISA HONEY, Brandwachtstraat 91 (Tel. 4541)
**SPORTREDAKTEUR:** ANDRÉ DUVENHAGE, Eendrag (Tel. 72610)
**KUNSREDAKTEUR:** ANSO VAN ZYL, Jan Cillierstraat 6 (Tel. 9772)
**SOSIALE REDAKTEUR:** CARINA KOEN, Skuilhoek (Tel. 73721)
**INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** OCKIE DUPPER, Liebenhof 18
**TAALREDAKTEUR:** Vakant
**ASSISTENT-TAALREDAKTEUR:** Louis van Wyk, Eendrag (Tel. 72610)
**HOOFFOTOGRAAF:** MICHAEL VENTER, Dagbreek (Tel. 71002)
**SPOTPRENTTEKENAARS:** ADRIAN LOUW, Majuba (Tel. 2010); EZRA STEENKAMP, Simonsberg (Tel. 2035)
**SUB-REDAKTEURS, NUUS:** Jeanne Cilliers en Charl du Plessis
**SUB-REDAKTEUR, SPORT:** David van der Westhuizen
**SUB-REDAKTEURS, KUNS:** Lomin Saayman en Suzette Truter
**SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL:** Elmien Lesch
**SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊR:** Craig Cleaver




PROF. ANDREAS VAN WYK

# Regsfakulteit gerig op teorie

Matie-Gesprek

**Lou-Marié Kruger gesels met**



Prof. Andreas van Wyk

PROF. ANDREAS VAN WYK, dekaan van die Regsfakulteit van die US is onlangs aangestel as direkteur-generaal van die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning. Hy verlaat die akademie nadat hy elf jaar aan die US verbonde was as dosent en sewe jaar as dekaan. Prof. Van Wyk het die graad BA.LLB. aan die US en 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Leiden in Nederland beide met lof verwerf. In 'n onderhoud met *Die Matie* gesels hy oor hoe hy die rol van die Regsfakulteit sien, sy nuwe pos en die nuwe huwelikswetgewing.

**Wat behels u nuwe pos as Direkteur-Generaal van Ontwikkeling en Beplanning?**

Eerstens behels dit die bestuur van 'n staatsdepartement met meer as 'n duisend mense in diens en 'n begroting van drie en 'n half miljard rand. Die departement het verskillende afdelings: ekonomiese beplanning, fisiese beplanning, maatskaplike beplanning, staatkundige beplanning en ook die afdeling vir statistiek. Maatskaplike bevordering, d.w.s. die staatkundige bevordering van die hele kwessie van plaaslike bestuur val ook in my departement.

**Waaraan sou u sê is die goeie naam van die Regsfakulteit van die Universiteit van Stellenbosch te danke?**

Die Regsfakulteit het 'n baie ou tradisie. Dis eintlik die oudste Regsfakulteit met voltydse regsdosente in Suid-Afrika.

Die Regsfakulteit hier is gestig deur mense wat almal hul opleiding by baie beroemde Europese regsfakulteite gehad het. Daar was dus van die begin af 'n sterk fondament wat veral gebaseer was op die studie van die reg as intellektuele dissipline en nie soseer net as praktiese vaardigheid nie. Daardie grondslag het deur die jare behoue gebly. Dít het die Fakulteit 'n hoë intellektuele aansien gegee.

Ons is saamgestel uit goeie dosente en goeie studente. Tot op datum was ons totaal oop vir ons toelating van studente, maar vanaf volgende jaar word die poortjies effens nouer gemaak. . . . Ons is dus vasbeslote om die gehalte van die studente te handhaaf.

Ander faktore wat bygedra het, is die feit dat ons dosente hulle primêre taak t.o.v. die student en die opleiding van die student sien. As gevolg van die groot getalle studente het die persoonlike band wat vroeër baie sterk was, aansienlik verswak, maar die studente is tog die sentrale funksie waarom die Fakulteit gaan.

**Konsentreer die Regsfakulteit steeds meer op teorie as praktyk?**

Ja. Dit is 'n ding waaroor ons al in die verlede gekritiseer is — dat ons te teoreties sou wees.

Dit hang saam met ons hele siening van die universiteit: dat die universiteit die teoretiese grondslag moet gee en nie 'n praktiese opleidingskool is nie. Ons probeer om die teorie relevant tot die praktyk te maak. Daarom is daar kursusse soos Burgerlike Prosesreg — dit is 'n kursus in regspraktyk. Praktiese opleiding is die professie se eie verantwoordelikheid. Die fakulteite se verantwoordelikheid is primêr dié van 'n teoretiese basis, maar sonder om verwyderd te raak van die realiteite waarbinne die regstelsel werk.

**In hoe 'n mate word 'n kritiese houding teenoor wette aangemoedig by studente?**

Nie net teenoor wette nie. 'n Regsgeleerde moet uit die aard van sy funksie en sy beroep 'n analitiese benadering en 'n kritiese ingesteldheid hê. Dis sy funksie. Krities teenoor feite-bewerings wat mense eendag mag maak, maar ook uiteraard krities in sy beoordeling en analise van regsreëls. Jy kan nie 'n naïewe ou wees as jy in die regswêreld wil ingaan nie — 'n ou wat alles vir soetkoek opeet nie. Die studente word dus opgelei om met daardie tipe benadering die wêreld in te gaan.

**Hoe word studente aangemoedig om 'n kritiese benadering te hê?**

Die eenvoudigste voorbeeld: Regstudente moet gedurig uitsprake van die howe bestudeer. Alhoewel daardie uitsprake bindend is op laer howe is dit juis 'n groot deel van hul opleiding om te sien dat 'n uitspraak dikwels op beginselgronde vatbaar is vir kritiek.

**Gee die Regsfakulteit aandag aan die sosiale en ekonomiese agtergrond van regsreëls?**

Dit is 'n moeilike ding. Dit is 'n terrein wat ons tot 'n mate verwaarloos het. Die instelling van ons hele regstelsel is baie positivisties. Daar is 'n toenemende mate van bewustheid van hierdie interaksie. Die feit dat ons al die jare aangedring het en sal bly aandring (anders as by ander Afrikaanse universiteite) daarop dat die student sy opleiding begin met 'n BA of 'n B Comm waardeur hy dus 'n breër agtergrond kry in die wysbegeerte of in die handelswetenskappe, toon tog dat ons baie klem lê daarop dat 'n regsgeleerde 'n mens moet wees met breër insigte.

Hy kan nie 'n blote tegnikus wees nie. Tot welke mate hierdie samehang in die regsonderrig na vore gebring word, is moeilik om te sê. 'n Mens kan miskien sê dit behoort meer te wees, maar daar is geen regstudent hier wat nie ten minste 'n basiese agtergrond in die ekonomie, die staatswetenskappe of die filosofie het nie.

**Wat is die Regsfakulteit se houding oor studente-inspraak in die Fakulteit self?**

Met die baie groter getalle raak die beste soort van inspraak myns insiens, nl. persoonlike kontak, daaglikse persoonlike kontak, moeiliker. Ons is baie bewus hiervan. Daarom is daar in die afgelope twee jaar, en dit sal volgende jaar verder gevoer word, 'n baie meer doelbewuste poging om deur die verkryging van die dienste van junior dosente die onderrig tot 'n baie groter mate deur groepklasse te laat geskied. Op die vlak van akademiese werk as sodanig probeer ons dus massifikasie teenwerk om op dié manier die mees natuurlike vorm van inspraak te bevorder.

Ten spyte van hierdie poging om meer te individualiseer moet jy, as jy met groot getalle werk, ook meer formele kanale hê. Dis vir my moeilik: studente-inspraak kom op soveel verskillende vlakke ter sprake. As dit gaan oor die wyse van onderrig, moet die studente beslis inspraak hê. Op die vlak van wat onderrig word, het ek meer probleme. 'n Student kom per definisie tog na die universiteit om te leer oor 'n vak — hy is nog nie onderrig in die vak nie. Hoe kan hy 'n gebalanseerde oordeel uitspreek oor wat onderrig word?

Die derde moontlike vlak is natuurlik die vlak van administratiewe besluitneming. Daar het ek ook tot 'n mate probleme, want by sekere fasette soos woon- en werksomstandighede het die studente 'n regmatige belang, maar as dit bv.

*(Vervolg op bl 15)*

# Miracle in America: The recreation of a 'koek'



The writer of this article spent a year in America as an exchange student. This is her attempt "to tell the story of a koek, of her discovery that Stellenbosch is not, and never was, the centre of the universe, and her journey through fall, winter, spring and summer in the middle of New England, and of changes which took place."

"To go abroad and recreate yourself." — Hamlet

. . . and a recreation it was. Recreation: the birth of a new self. Now that does sound like a cliché; anyone in the same circumstances would change dramatically, traumatically; also, to compare the experience to a rebirth is somewhat melodramatic. So — what does happen when a Stellenbosch koek (title given by real friends) makes her way into the real world? This is an attempt (very much abbreviated) to tell the story of this koek; of her discovery that Stellenbosch is not, and never was, the centre of the universe, and her journey through fall, winter, spring and summer in the middle of New England, and of changes which took place. "What did you do?" everybody asks. "What was your year like?" They look critically at her, at her sneakers and Levi's, and smile benevolently at her 'acquired' accent, they want to see pictures and hear about snow and shopping and hamburgers — and they look straight past her soul in turmoil, torn between two continents, a piece of driftwood in die middle of the Atlantic Ocean.

(The unsettlement, the sense of unbelonging was the main reason why writing was so difficult at first. Writing is like a confession, for at the back of your mind you know that after you've told them all about breakfasts and the little you know about American football, you have to go on, that the much more personal things will come pouncing out. ". . . breakfasts took a while getting used to. I never really believed that they would eat pancakes (big crumpets in our terms) with syrup for breakfast until I

## manner of speaking

actually was offered some. They also had about thirty different breakfast cereals and weird breakfast cakes topped with cinnamon sugar."

Breakfast is no longer an issue to the koek. Eating pancakes for the first time is forgotten; the first time you cry for coming from South Africa is not so easy to forget. "Were they all nasty to you? "Americans shouldn't interfere in other people's affairs."

### Fall

". . . No, nobody was nasty to me." Patiently. "Maybe they do have the right to speak out if they feel strongly about something."

The elm trees were lovely that fall. The koek felt slight pangs of homesickness for her native land, recalling rows of golden oaks. Here the flames were red, black and white. Movie on South Africa to be shown in Assembly by Committee on Corporate Responsibility (a group of 16 and 17 year olds who felt themselves responsible for their school's investment in companies doing business in that racist regime, far off South Africa. The koek felt ashamed — she wished that her friends back home could develop only half the sensitivity of these kids, black and white, who were truly concerned.)

And there the koek cried, really cried for the first time. Not only because she was homesick for the golden oaks, but also because something inside her was terrified of what she was seeing (even though everybody knew it was definitely propaganda) — and also, strangely enough, of what she used to be just a few months previously, she was also ashamed.

### Snow

"Would they really not allow me to stay there?" (little Korean guy peering through a long and not too clean fringe). "Are all your newspapers mouthpieces for the government?" Also another question, one which came as a relief: "Is South Africa really a country?"

The koek experienced her first snow at Thanksgiving, in a shopping mall. It was beautiful, it was clean and pure, and it was also a reminder that the year was drawing closer to the halfway mark. Things were settling down, acquaintances were becoming friends. Friends accept you, no matter where you come from, no matter what colour your eyes or hair or skin are.

A visit to Harvard, top intellectual centre of the United States, proved that the koek's alma mater was seriously lacking in certain areas of vital educational importance. Huge, enormous library. Smallish classes with continuous student-lecturer dialogue. Small tutorials. A fine, fine art museum. Perhaps it is much easier if one is so rich in funds and so selective about students. But the attitude prevailing — independent critical thought welcomed — in fact essential. Students treated as adults; young adults maybe, yet they are considered to be motivated, keen, mature, responsible — which, largely, they are. Co-ed dormitories are no big deal and people do not as a rule sleep around or fall pregnant. The koek had never before considered that people did actually sleep around; neither had she ever really been in contact with girls who actually were on the Pill. (But back 'home' they were doing 'it' too, weren't they?)

The koek was shocked, yes. However, she gradually realised that morality and sexual activity could, but did not necessarily, go together, and that the people she kept company with were really not immoral.


### Drugs

Pot was another matter. The koek never really learned to wholeheartedly approve of marijuana. She tried it, and was sick. She tried it again and felt pleasantly mellow. She decided not to make a habit of it.

But somehow sex, drugs and rock-'n-roll, which was expected to be quite prominent during the year, played no great part at all.

*(Continued on p. 17)*


# B COM(REK) STUDENTE OUDITEUR AS BEROEP?




GEVESTIGDE FIRMA VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A.) BESKIK OOR VAKATURES VIR 'N AANTAL TOP B COM(REK) GEGRADUEERDES

**SALARIS TOT R13 200 PER JAAR**
***PLUS* 13DE TJEK**

ONS FIRMA BIED GELEENTHEDE AAN ASPIRANT GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS OM IN AANGENAME WERKSOMSTANDIGHEDE WYE ERVARING OP TE DOEN MET KLIËNTE IN:

| | |
|---|---|
| MYNWESE | BOERDERYSEKTOR |
| VLEISVERWERKINGSBEDRYWE | PLAASLIKE BESTURE |
| HANDEL, GROOT- EN KLEIN-VERVAARDIGINGSBEDRYWE | EIENDOMSWESE |
| | BANKWESE |
| KONSTRUKSIEBEDRYWE | PROFESSIONELE BEROEPE |
| NASIONALE KORPORASIES | |

ONS HANDHAAF OOK NOUE SKAKELING MET 'N GROOT INTERNASIONALE OUDITEURSFIRMA EN BIED OOK 'N IN-DIENS-OPLEIDINGSPROGRAM.

**RIG AANSOEK AAN:**
DIE PERSONEELVENNOOT
P.J. MALHERBE & KIE
POSBUS 30
WINDHOEK
9000

OF SKAKEL **(061) 26511** GEDURENDE WERKSURE
**41064** NA-URE


# Coos se TONTELDOOS

**DIS die tyd van afskeid en sentimentaliteite. Dis ook tyd vir Hane and Henne (gewoonlik in kostuum) om op die verhoog te verskyn en afskeid van hulle kollegas te neem. Dis helaas 'n tyd om terug te kyk maar gelukkig ook om nuwe dinge vir volgende episodes te beplan.**

**Coos wil dus van die geleentheid gebruik maak om 'n paar pryse uit te deel. Maar voordat hy daarby kom, val dit hom by, moet hy eers dankie sê aan almal wat meegewerk het om die Stellenbosse verhoog te omskep in 'n skouspel van bedrywighede. Hy kan dit nie nalaat om diegene wat minder aktief was, of om dan die cliché te gebruik (soos Tinus de Villiers altyd op die draadloos sê) apaties was of bloot onaktief was, ook te bedank nie. Sy ouma het altyd immers gesê "stilbly is ook 'n antwoord". Maar Coos het nooit sy ouma ernstig opgeneem nie, want sy was siniel. Dit was egter net totdat hy op Stellenbosch se verhoog gekom het.**

**Wag, daar het die skare nou bedaar na die staande ovasie aan almal wat bedankings gekry het. Coos probeer om die skare te kalmeer. Uiteindelik kom sy stem deur die gedruis na bo. Die skare raak stil. "Dis nou die tyd vir die pryse," sê Coos.**

**Vir al die verstrooiers van verspreipamflette: 'n aangename ruskansie om met nuwe reklame-idees vir hulle denkskrum klieks vorendag te kom. Vir die Serebrale Pateteit en Serebrale Relevansie 'n koek met lakseermiddels om alle onguurhede uit die sisteem te kry. (Dankie ook aan SAAK vir hulle bydrae om as katalisator te begin optree het.) Vir die Apatiese Massa: 'n koek by gebrek aan brood. "Die laaste een wat dit gesê het se kop is afgekap as ek reg onthou," skree Natas uit die gehoor. En helaas vir die Regisseur 'n boekprys aangesien hy so goed ge*cope* het met al die probleme wat op 'n plek soos die Bos, ons eie ou Matieland, bastion van alles wat mooi is en wat boonop staan vir 'n Idee ('n idee wat min weet wat dit is); die Bos wat ons almal met ons hart en siel lief het, vir wie ons sal lewe en sterwe, ons vir jou Sui . . . Stellenbosch, ondervind. Probleme? Dis Bos probleme? Nee nie eintlik nie, dis net dat ons liewe Regisseur nie daarvan hou (en dis met respek gesê) dat sy studente hulle eie ding doen nie. Selfs kuierplekke word beperk: as jy wit is is jy wit en nie swart en bruin nie en groep soek groep (sidentiteit). Wel, die boekprys: *Depressie, die siekte van ons tyd.* Dit kan net handig wees om dit byderhand te hê as die Regisseur die vakansie wil ontspan en vind daar's faktore wat hom dit verhoed.**

**In aansluiting hierby 'n kopie van *Animal Farm* asook *1984 (Naaintien ytie fôr)* aan die Hoofredakteur van *Die Stellenbosse Student* vir sy insig wat hy in die tosse Bosse situasie openbaar.**

**Dan ten slotte vir diegene wat aan die mees omstrede, mees gepubliseerde en enigste kultuur van die Afrikaner, die *melkkultuur* behoort het en groot verliese gely het; 'n troosprys van melksjokolade.**

**Dan verlaat Coos die verhoog. Hy is uit die aard van die saak net 'n vryskutakteur en hy swot (soms) buitemuurs — sy tikmasjien staan op die strand sien.**

**Die verhoog raak stil en hier en daar is daar 'n beweging. Maar dan sien mens dis maar net die wind in die gordyne.**

**COBUS SMIT**

## America

(Continued from p. 16)

Spring was on the way, and she now really felt that this was home. But to forget the Cape with its mountains and ocean and peach orchards and grapevines and "Whites only" beaches and train compartments was never possible. She did not want to, but even if she did, she couldn't.

She found that she found less about her country to defend. At the same time there was a greater urge to defend. She became quieter about certain aspects, but now started talking about her people, the beautiful countryside, the food she used to eat. She gave them Marmite to try. Reaction:

"Ugh" "Aaargh!" "Petroleum extract" "No wonder you're so weird". She was getting exceedingly fond of these people. Home (was it still home?) seemed very far away. She considered staying on at the end of her year, but she knew in her heart of hearts that she couldn't, and wouldn't.

Sitting in the school church, sometimes alone, sometimes with friends or attending a service or meditation, became a favourite pastime. The only person who ever saw her cry, was Mr Mac, the school minister. The only reason she ever cried is because she became more and more scared of leaving. And scared of going back — is there a difference?

But it was inevitable — she had to go back. And the time to do so arrived, and her photograph albums and goodbye letters became her most treasured possessions. And the last days remained with her.

"I'll change things." "We know you will." "I will, I will, I must."

### Home

Words of idealism? At any rate, words said in perfectly good faith. She believed it, she felt herself on a mission. She cried when the aeroplane took off from JFK, and she cried again when she landed, because she so badly wanted her two homes to be one, and for all people to live in harmony. (The Coca Cola advertisement said it long before she felt it; she nevertheless felt it, even though she stood cynical towards clichés of that kind.)

"My God, how I love this country" — she said savagely and out of character.

### God

She is happy, but somehow one can neither be too perfectly happy, once one's eyes have been opened. She still believes in God, but contrary to what she believed before her "recreation" she no longer sees him as the sole Being to whom all love and energy should be directed. She believes more than anything that social action is mandatory in the living out of religious beliefs.

And perhaps this is why, although she mostly is happy, she is sometimes possessed by agonies and fears which the people who know her seldom, if ever, see, and which would probably surprise them a little. Her fear is something she cannot properly articulate to herself; it is more related to her own ineptitude and passiveness than it is to the situation she finds herself in.

"Why aren't you changing things?" she hears them all ask. "Why don't you go and do something?" She knows they are waiting for something marvellous to happen in that bongo country on the other side of the world, and she knows that they believe in her ability to play an active part.

### Miracle

But her own belief in her ability has diminished since being back in the pretty town with its encircling mountains. She finds it close to impossible to gear herself towards action in Stellenbosch, described by many as the Harvard of South Africa. She wonders if she is partly or entirely to blame; so she waits, hoping that something will happen.

America proved that miracles do happen — hence the transformation of a koek. The ex-koek follows her little routine every day, with the ever-present hope at the back of her mind that a greater miracle will happen in Stellenbosch, and that a large scale recreation of minds and hearts and souls might come to pass.

# Liberale staatsvorm as alternatief vir grondwet?

DIE huidige onluste wat met die nuwe grondwet gepaard gaan, toon dat Suid-Afrika nog lank nie 'n bevredigende politieke bestel het nie. Die motivering agter die grondwet is skynbaar die skepping van 'n ruimte waarin verskeie nasionaliteite uitgeleef kan word. Die feit dat 82% van alle stemgeregtigde Kleurlinge nie gestem het nie en die kritiek uit sovele oorde wys dat die "ideologie" van onderskeie nasionaliteite onaanvaarbaar is.

Ek sou as alternatief 'n tipe liberale staatsvorm wou voorstel. Daarna sal ek aantoon hoedat so 'n bestel tot stand kan kom, maar ook die komplikasies uitstippel.

### Individu

Liberalisme het in alles die individu as *doel*. Die staat skep die ruimte waarin die individu homself kan realiseer. Geen optrede in so 'n staat mag so wees dat dit 'n individu se selfrealisering beperk nie. Gewoonlik word 'n handves van menseregte neergelê. Hierdie handves definieer misdaad nie as 'n oortreding teen 'n spesifieke persoon nie, maar teen die "sosiale gewete". Vryheid van keuse (bv. godsdiens, spraak, beweging) lê ten grondslag van hierdie "gewete".

Met die behoud, selfvoortsetting en uitlewing van die individu in gedagte, kan wat ons gewoonweg "wette" noem, afgelei word.

Vir die doel van hierdie artikel is dit voldoende om te sê dat die staat op ewewigs- en dinamiekbeginsels moet funksioneer: Vir elke obligasie wat die staat oplê, moet 'n teenprestasie gelewer word.

### Instrumenteel

Opvoeding, werkverskaffing, welsynsdienste en administrasie kan in ruil vir belasting gelewer word. Die dinamiek van die staat berus op die erkenning van behoeftes en bevordering van aktiwiteite wat die individu kan help, bv. mediese navorsing en aanpassing by ekonomiese fluktuasies.

Die staat word dus as instrumenteel tot die individu as doel gesien: Sommige mense noem die staat 'n "necessary evil". Ten einde die individu so ver moontlik vryheid te gee, sou 'n devolusie van mag en ekonomiese welvaart onvermybaar wees. 'n Kapitaalkragtige organisasie kan m.i. net so erg as 'n outokrasie die individu te na kom.

Die instelling van 'n *onafhanklike* regbank waardeur die individu die staat (die wetgebonde deel daarvan) sou kon aanspreek vir oortreding van die handves van menseregte of waar vakbonde bv. kapitalistiese uitbuiters sou kon aan bande lê, sal noodsaaklik wees. Die individu moet dan gelyk aan andere wees in die oë van die reg.

Die bestaan van groepe in so 'n individualistiese staatsbeskouing word nie misken nie. Die groep ontstaan deur vrye assosiasie, wat soos die staat (as groepering) ontstaan deur opsegging van sekere voorregte ten einde die individu andere te laat kry. Die groep bly egter instrumenteel tot die doel wat die individu is.

Die groep dien as belangegroep wat die staat of ander groepe aan bande kan lê. Die staat doen dieselfde met 'n groep wat individuele regte vertrap. Politieke partye moet hier as voorbeeld dien.

Die rede waarom so 'n bestel vir Suid-Afrika voorgestaan word, is omdat ons dan die mensheid van andere primêr ag. Rasse- of geslagsdiskriminasie wyk voor die agting vir die individu *as individu*. Ons kyk verby die uiterlike na die innerlike.

Hierdie artikel is geskryf deur Faan Herholdt

Hierdie bestel veronderstel nie 'n blote egosentrisme nie. Omdat ons besef andere deel ons mensheid, sal ons protes aanteken as andere se *mensheid* aangetas word. Agitasie vir minimumopvoeding of huisvesting vir plakkers kan ter illustrasie dien.

### Kultuur

Liberalisme kan geïmplementeer word deur dit as lewenswyse te aanvaar. 'n Mens sal voortdurend krities na jouself en andere móét kyk: Doen my optrede 'n ander skade, of in watter mate kan ek in 'n ander se voorregte my eie herken?

Daar moet 'n uittrede uit rasgefundeerde groeperinge kom. Die kultuurgebondenheid van mense moet vervang word deur 'n daadwerklike ondersoek na wat andere se kultuur vir sy aanhangers so aantreklik maak. Die krisis van identiteitloosheid — wat die valse sekuriteit wat een groep ten koste van die wat uitgesluit word gebied het vervang — sal ons verplig om te soek na dit wat ons almal gemeen het, nl. ons mensheid.

'n Nuwe kultuur van die *individu* behoort te ontstaan waarin ons spontane kreatiwiteit na vore kan tree.

(Vervolg op bl. 19)





WEES JOU EIE BANKIER. ENIGE TYD.

Demp toe bankdeure jou geesdrif? Met 'n Bankmankaart kan jy nou 24 uur per dag, 7 dae per week, kitskontant by die Bankman outomatiese tellermasjien in Neelsie se deurloop kry.

Kry jou gerieflike Bankmankaart nou by André Markgraaff, tel. 71020 of besoek hom by die Bankmankantoor, Andringastraat 73, Stellenbosch.

En wie moet jy bedank? Boland, Boland Bank.

BOLAND BANK

Bankman

24 UUR BANK

# UDF is nodig om apartheid af te takel

**J.C.R. LIEBENBERG, Van der Stelstraat 29, Stellenbosch, skryf:**

Na aanleiding van die pamflet, "Die UDF — waar staan u?", net die volgende:

Afgesien van die denkfoute wat die pamflet weerspieël, kan 'n mens beslis nie die geleentheid laat verbygaan om daarop te antwoord nie. Hopelik 'n meer deurdagte antwoord as die pamfletskrywer se denkkonstruksie.

Die skrywer skryf bepaald binne 'n paradigma van "alles wat teen die regering is, is *per se* die resultaat van kommunisme". 'n Mens kan hom nie daarvoor verkwalik nie — ons het immers almal met die paradigma groot geword. Ongelukkig het so 'n eng ideologiese perspektief belangrike tekortkominge en verskraal dit ons vermoë om betekenisvolle politieke en sosio-ekonomiese realiteite binne ons samelewing raak te sien. Dat die skrywer nie die moed had om dit verder te deurdink nie òf dat hy wel gedink het, maar dit nie sê nie, kan 'n mens hom egter wel oor kwalik neem.

Hieroor enkele opmerkings: Organisasies gekant teen die regering van die dag is geen nuwe ervaring in Suid-Afrika nie. Die redes vir hul ontstaan is ook nie aan ons onbekend nie. Die meeste het ontstaan in reaksie teen koloniale of ander aspekte van regeringsbeleid. In 1886 was dit die Afrikander League, in die vroeë 1900's die Natal Native Congress en in 1912 die African National Congress (ANC). Die organisasies was wel gekant teen die rassebeleid van koloniale en ander latere regerings, maar het beslis nie ontstaan as gevolg van kommunistiese agitasie nie. Die organisasies het primêr ontstaan uit verset teen die behandeling van swartmense in Suid-Afrika, dit wil sê as gevolg van diskriminasie op sosio-ekonomiese en politieke gebied. Al die organisasies had 'n lang tradisie van vreedsame onderhandeling en veel later lydelike verset (vgl. ANC: 1912—1954 en Transvaal Indian Congress).

In 'n groot mate steek daar dieselfde waarheid in die ontstaan van die United Democratic Front. In die eerste plek is dit nie 'n ideologies-koherente organisasie nie en huisves dit voëls van verskillende vere. Al die organisasies het egter een ding in gemeen: Verset teen 'n ontmenslikende Apartheidsbestel. So gesien, is die organisasie nie deel van 'n Totale Aanslag nie, maar deel van 'n noodkreet teen 'n onmenslike politieke bestel.

Dat daar wel in so 'n groepering mense met radikale of sosialistiese sentimente beland, is nie te betwyfel nie. Die vraag wat mens jouself behóórt af te vra is, of ons nie met die Apartheidsbestel 'n fase bereik het waar vele mense sê: "Niks kan slegter wees as dit nie". En blankes, vrees ek, sal nie weet nie; hulle het nog nooit die diepliggende en ontstellende impak van apartheid gevoel nie. Daarvoor sit ons te rustig gesus in die vet wat ons afskép (ek inkluis).

As dit wel so is dat daar mense is wat voel dat enigiets beter moet wees as die huidige, het die huidige regering jammerlik gefaal vanaf 1948-1984 om sosiale geregtigheid in 'n menswaardige bestel gestalte te laat vind. (En dit sal nie help om kommuniste / agitators / totale aanslag vir sodanige mislukking verantwoordelik te hou nie.)

Tensy die Nuwe Bedeling hierdie diepgewortelde, maar myns insiens regverdige wantroue kan oorwin deur bona-fide en sinvolle politieke veranderings in die kortste moontlike tyd aan te bring, sal die tipe organisasies se redes vir kritiek net meer legitiem word en hul steun slegs toeneem. En verbanning, inperking, aanhouding of uitwissing sal die groterwordende stroom op die lange duur nie stuit nie.

Dit lyk ook of die skrywer so implisiet 'n negatiewe refleksie op sg. "Christian gentlemen" wil gooi. 'n Mens sou daarteen nie anders kan as om sterk beswaar aan te teken nie. Ons het in Suid-Afrika 'n tyd bereik (reeds lankal) waarin Christene net nie meer kan stilbly oor die situasie nie. Indien hulle wel kritiek uitspreek beteken dit nie noodwendig dat hulle namens enige (kommunistiese) kliek praat nie. Ons sal eerder hul kritiek op meriete moet beoordeel in plaas van hulle te probeer etiketteer. As ons die verantwoordelikheid om kritiek ter harte te neem, ontduik, getuig dit van niks minder as flagrante selfvoldaanheid en 'n onvermoë om erns te maak met 'n ernstige situasie nie.

As die pamflet een blywende indruk laat, is dit die volgende: Die skrywer het nie veel verder gedink as wat sy eng politieke paradigma hom toelaat nie. Hy besef ook nie hoe groot en diepliggend die huidige ontevredenheid met die politieke situasie is nie. Boonop het sy ideologiese bril sy aanvoeling vir die mens se waarde as unieke skepping vereng tot eie (partypolitieke) belang.

So 'n pamflet bevestig eerder 'n mens se oorspronklike oortuiging, nl: Laat ons ons verset teen 'n stelsel wat onmenswaardig is, laat ons dit doen met al die energie tot ons beskikking en laat ons vurig hoop dat die vernietiging van die huidige nie iets erger tot stand bring nie; maar laat ons ons desondanks toewy aan aftakeling van die huidige.

NS. Nou nie dat dit my sal vrywaar van etikettering nie, maar ek is nóg 'n nuttige idioot van die Kommuniste, nóg 'n nuttige idioot van die Apartheidsideoloë.


Eksamens slaag of omdop?



Bly wawyd wakker met Regmakers®

Deurnagdiens! 'n Heelnag se geswot vir die eindeksamen? Bly wawyd wakker en hou jou brein helder met Regmakers... die wawyd-wakkermakers.

Regmakers®

Elke tablet bevat: Kafeïen 150 mg.

B 955 (Wet/Act 101/1965)






**DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch 7600.**

**Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuilnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou.**

**So ver as moontlik moet briewe getik word in 'n kolom van 65 mm.**

**Alle briewe wat ontvang word sal óf gepubliseer óf erken word.**

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Privaat losies** benodig vir 1985 deur 2de jaar BA (Regte) student (manlik). Verkieslik naby die Universiteit. Skakel Garth Meintjes tel: (011) 724-7089 of (011) 787-6493. Kollekteeroproepe sal aanvaar word.

**Rugsakke gesoek:** H-raam, Butterfly of uitgeboude raam. Een of twee tweedehandse rugsakke teen billike prys. Bel Dawie by 2526.

**Privaattikwerk:** Tikwerk gedoen op elektroniese masjien. Sal kom haal en aflewer eenmaal per week. Skakel mev. Nicholas by 02211-35338.

# *USKOR vier tienjarige bestaan*

**D.J. ROSS, USKOR, Stellenbosch-tak voorsitter, skryf:**

**USKOR vier vanjaar sy tienjarige bestaansfees en kan met 'n kritiese genoegdoening terugkyk na die sukses wat behaal is. Die student het gedurende hierdie periode 'n uiters belangrike bydrae gelewer in die behaling van hierdie sukses en dit is daarom belangrik om die diens van die Vrywilliger-student binne USKOR in perspektief te plaas.**

**USKOR is 'n Studente-organisasie wat uit studente-inisiatief ontstaan het en 'n belangrike bydrae lewer op verhoudingsvlak. Die betrokkenheid van dié organisasie by 'n gedeelte van ons samelewing waar die nood die hoogste is, gesterk deur die aard en kwaliteit van die diens, moet noodwendig 'n ingebore geleentheid skep vir wedersydse begrip, aanvaarding, vertroue en waardering — die belangrikste elemente van goeie verhoudinge en vreedsame naasbestaan.**

**Enige universiteit of opvoedkundige instansie beskou dit as sy taak om kennis en kundigheid in die samelewing terug te ploeg. As Studente-organisasie skep USKOR 'n praktiese werksarea waardeur die studente tydens sy of haar akademiese loopbaan relevante praktiese ondervinding ten opsigte van die Organisasie en sy/haar spesifieke kursus kan opdoen.**

**As student is u dus direk of indirek betrokke by die "wording" van 'n individu of gemeenskap. Ten opsigte van u vakgebied is u dus die "begeleier" na onafhanklike selfstandigheid.**

**Gepaardgaande met hierdie betrokkenheid is selfverwesentliking deurdat u as "begeleier" nie net gee nie, maar ook ontvang. Waar u besig is om kennis en vaardigheid terug te ploeg, is u aktief besig met die verbetering van wedersydse begrip, aanvaarding, vertroue en waardering. Behalwe die ervaring wat u opdoen is u as vrywillige werker van USKOR besig om vroeë genoegdoening ten opsigte van u beroep te smaak.**

**Begeleiding impliseer egter ook verantwoordelikheid — enersyds in die nood, behoeftes en welsyn van 'n gemeenskap en andersyds in die wyse waarop u betrokke raak by hierdie gemeenskap. As begeleier stel u die voorbeeld van onafhanklike selfstandigheid wat u in gedagte het vir daardie individu of gemeenskap waarmee u werk.**

**Dit is elke student van hierdie Universiteit se voorreg om te deel in hierdie betrokkenheid. Dit is 'n eer om deelname te hê aan die bou van goeie verhoudings en vreedsame naasbestaan.**

**Dit is die studente van Stellenbosch wat sorg dat vandag se resultate binne USKOR beter is as wat gister bereik is — maar nog nie so goed soos wat môre bereik sal word nie.**

**USKOR salueer u!**

# *NP-studentetakke tree outonoom op*

**PHILLIP VERSTER, Ondervoorsitter: NP-Skakelkomitee, skryf:**

Die voorbladartikel van *Die Matie* van 20 September hierdie jaar het werklik die oog gevang en kan met reg na verwys word as 'n deeglike stuk werk. In hierdie opsig vind ek dit egter teleurstellend dat die betrokke verslaggewer, na harde werk en deeglike navorsing, versuim het om alle inligting beskikbaar in die regte konteks en verband deur te gee.

Stellenbosch is bevoorreg in die sin dat daar oor 'n wye spektrum aan studente die geleentheid gegun word om hulself uit te leef en te bekwaam, ook wat aanbetref die politiek. Verder is Stellenbosch bevoorreg om binne die Nasionale Party verteenwoordiging te kan hê deur middel van drie studente-takke. In hierdie bestuur, dié van die studentetakke, kan die studente oor 'n breë front aktiwiteite aanbied en inisieer, mits hulle die nodige fondse kan genereer. Projekte soos rommelverkopings, intensiewe ledewerwing asook die verkryging van donasies word geloods om die *studente-takke* se beurs te sterk.

Hier is dus die kern van die saak: Indien daar 'n betoog vanuit die studenteunie sou kom vir die finansiering van 'n spesiale projek, het die studente-takke volle jurisdiksie en outomomiteit wat aanbetref die besluit. In geen stadium word daar vanaf die senior lede van die party aan ons gedikteer aangaande studentesake nie, inteendeel, hulle verwelkom ons gesindheid in hierdie saak. Die studentetakke erken met eerbied die gesag van die Party asook die vaandel, maar in die berig word daar nooit verwys na NP-studente wat die UDF-pamflet gefinansier het nie, maar wel na "Die Nasionale Party" wat impliseer die Senior takke of verder, die regering. In geen stadium is daar 'n versoek van "Die Nasionale Party" aan die NP-Publikasiekomitee gerig aangaande 'n pamflet nie. Die publikasiekomitee, bestaande uit myself, mnr. N. Myburgh en mnr. B. Beukman het volmag oor die besteding van fondse vir publikasies. Tydens die besluit oor die betrokke pamflet se finansiering het mnr. Myburgh, as gevolg van sy betrokkenheid, buite stemming gebly. Die aansoek om finansiering is dus in dieselfde gees hanteer as wat enige ander aansoek vanuit studentegeledere hanteer sou word. Deurentyd word hierdie belangrike aspek, wat aan die verslaggewer bekend was, misken en ontken; en word daar deur suggestie gespekuleer op 'n regeringsgeoriënteerde veldtog teen die UDF, wat nie die geval is nie.

Ek glo egter dat, in die lig van die redakteur van *Die Matie* se positiewe gees en puik gesindheid soos weerspieël in sy redaksioneel, voorvalle soos hierdie tot die minimum beperk sal word in die komende termyn. Hiermee beskou ek die saak as reggestel.

*Daar word weliswaar in die betrokke berig verwys na die Nasionale Party. Daaragter sit egter geen sinistêre bybedoelings nie. 'n Studentetak van 'n politieke party kan tog nooit heeltemal outonoom wees nie — die tak is tog verteenwoordigend van die Party. Die verslaggewer het nie die feit dat dit 'n besluit van die studentetakke was, "misken en ontken" nie; hy het bloot die studentetakke as verteenwoordigend van die Nasionale Party beskou. Die Nasionale Party as geheel word sekerlik per implikasie verbind deur die optrede van sy studentetakke.*

*In die betrokke berig word dit ook nie gestel dat "die Nasionale Party" 'n versoek tot die NP-publikasiekomitee gerig het om die pamflet te finansier nie, maar wel dat mnr. Myburgh sodanige versoek gerig het. Die feit bly dan dat die pamflet deur die studentetakke van die NP gefinansier is — die takke tree sekerlik nie op teen die wense van die Party in nie?*

*— Red.*

# Bywoning van Erekleuredinee stel teleur

**C.F. SIEBERHAGEN, SR-Lid: Kleure en Erekleure 1983/84, skryf:**

Ek rig hierdie skrywe aan u na aanleiding van die Erekleuredinee wat op 12 Oktober 1984 plaasgevind het.

By bogenoemde funksie is nie net Erekleure, Akademiese kleure en Kulturele kleure toegeken nie, maar ook Sportkleure. Die Studenteraad van 1983/84 het dan ook by dié geleentheid Erekleure toegeken aan Dr. J.G. van der Horst, die Universiteitsraad se voorsitter.

Dié geleentheid was dus die uitstalvenster van ons Universiteit ten opsigte van prestasies gelewer oor die afgelope jaar.

Wat egter die teleurstellendste van die aand was, was dat daar ± 40 mense op die uitnodigings positief gereageer het en *nie* opgedaag het nie. Onder hierdie groep mense was daar professore, personeel van die Sportkantoor en sportmanne en -vroue.

Die Studenteraad probeer elke jaar om die Erekleuredinee 'n onvergeetlike aand te maak vir diegene wat beloon word vir prestasies gelewer gedurende die jaar. Daar word baie tyd, deur persone wat nie vergoed word nie, aan die organisering van so 'n funksie bestee. Daar moet 'n gasspreker gevind word asook 'n borg vir die aand.

Dit is 'n betreurenswaardige feit dat so baie mense nie die nodige bedagsaamheid aan die dag gelê het om darem net te laat weet dat hulle nie meer sou opdaag nie.

Dit is 'n uiters teleurstellende feit, omdat daar na dié mense opgesien word as die beelddraers van ons Universiteit en dat hierdie mense ook 'n voorbeeld vir ons ander studente is. Is hierdie manier van optrede nie dalk 'n klap in die gesig van ons Universiteit en ons borge nie?

# Groot Boet regeer met nuwekwaak en dubbeldink

## Orwell se *1984* in SA

In hierdie jaar 1984 van onse Here vra Orwell van ons om 'n bietjie te kyk in hoeverre sy riller-profesie oor die samelewing van 1984 waar geword het — ook in ons eie ou Derde Wêreldse landjie (nou nie indringend nie, net so terloops). Nou ja, elke samelewing toon besliste ooreenkomste met die voorspelde totalitêre samelewing van 1984 in Oceania — party net meer as ander.

### Nuwebrabbel

Synde 'n Suid-Afrikaner kan dit nogal interessant wees om daarna te kyk. Om met ander woorde so 'n bietjie mentale verkenning te doen. Dit is nou 'n wisselterm vir wat die ouens soms mentale masturbasie noem. Nou ja, "once is perversion, twice is philosophy" sê Breyten mos.

Sydafrika 1984. Alles is anders as 10 jaar vantevore. Kyk nou byvoorbeeld na ons Newspeak (sommer Nuwebrabbel of Hervormingskwaak genoem). Alles is anders as 10 jaar tevore — en alles is dieselfde. Kyk ons kan dubbeldink ook! En selfs seks kan hier 'n politieke daad wees! Vrywillig of onvrywillig. Burger Snoeks beweeg soos gewoonlik van werk na huis, van kerk na kroeg om onnadenkend te kerk, kroeg of werk. Dit alles gebeur onder toesig van ons eie Sydafrikaanse ekwivalent van telescreen. Sommer bekend as TEEVEE en sy propagandamaat PESNARS wat deur die binnekring van waarheid beheer, gemanipuleer en gebruik word. Die binnekring van waarheid, 'n eng geslote kliek van onkritiese lojale partylede, word gerekruteer uit die buitekring. Die buitekring op sy beurt bestaan uit lede van die onheilige drie-eenheid; d.i. kerk, staat en Boetiebond. In elk geval, TEEVEE en PESNARS sorg dat Burger Snoeks polities reg opgevoed word deur gereeld sake van belang en minder belang "in die regte perspektief" te stel. Hulle interpreteer sommer namens Burger Snoeks gebeure en hy kry dus sommer die regte standpunte onnadenkend, ongeanaliseerd en onkrities in. Hy moet net sluk en sluk sluk hy wel.

### Dubbeldink

Dit werk soos 'n bom. TEEVEE en PESNARS doen hul werk uitstekend. Hulle dubbeldink en propageer flink. Die heersende ideologie word doeltreffend opgedis. In Hervormingskwaak word verwys na perifirêre veranderings as "fundamentele verandering", wit magsbehoud word die "nuwe bedeling" en hervestiging word "re-allokasie van surplusbevolking".

TEEVEE en PESNARS sorg onder andere dat die proletariaat genoeg te hore en te siene kry — veral van dit wat nie saak maak nie!

Die doel hiervan is 5-ledig:

(i) Die proletariaat se aandag word afgelei van ware kwelvrae in Sydafrika se politieke en ekonomiese sisteem soos die onaanvaarbaarheid van diskriminasie, die onaanvaarbaarheid van apartheid, die rol van die Boetiebond as manipuleerder van die onheilige drie-eenheid en die illusionêre aard van die Totale Aanslag.

(ii) Die proles se aandag word voorts afgelei met — nes in die Romeinse Tyd — brood + 10% AVB en spele. Veral gemengde sport. Dis die simbool van omvattende politieke en ekonomiese verandering. Die spele verskerp terselfdertyd die valse bewussyn dat "alles goed gaan" en dat "ons op die regte pad is".

(iii) TEEVEE en PESNARS basuin ook onder toesig van die binnekring van waarheid sekere vitale leuens uit, byvoorbeeld "Swartes leef goed", "daar is 'n totale aanslag teen Suid-Afrika", "Rusland sit op ons grense", "Swart regerings is wreed en onstabiel". Moontlike apartheidsgevaarlike akademiese navorsingsbevindings soos Surplus Peoples Projects word óf verswyg óf gediskrediteer.

**In hierdie jaar 1984 van onse Here vra Orwell van ons om 'n bietjie te kyk in hoeverre sy riller-profesie oor die samelewing van 1984 waar geword het — ook in ons eie Derde Wêreldse landjie (nou nie indringend nie, net so terloops).**

**— B. Itterbek**

(iv) Belangrike stimulante vir die ou Europees geërfde volksgedagte word steeds goed ingespuit op TEEVEE met programme/dramas wat sinspeel op die luisterryke verlede van die Afrikaner / Grensboer / blanke en wat die swarte as gevaarlik/boos/bedreiging/dom voorstel. Dit in die tyd van sogenaamde hervormings is ook 'n goeie bewys van 'n goed-ontwikkelde dubbeldink-vermoë by die magshebber.

Kom ons vat nou maar 'n voorbeeld: TEEVEE en PESNARS het in die tye van Hervorming, Nuwe Bedeling en verandering die ossewa met silwer metalpaint opgejis en van 'n GT-sticker voorsien. Maar dié blink wa bly 'n ossewa. Masjienlose, liglose dop — vreemd en buitenstyds in dié jaar van onse Heer in die kontinent van Afrika — veral op die snelweë van die donker toekoms.

Vat nou hervestigings. Mooi foto'tjies van nuwe huise, niks tot geen inligting oor TEEVEE en in PESNARS oor die hervestings waarvan die Engelse pers, Surplus Peoples Projects, VVO en Black Sash praat nie. Maar almal weet. Almal weet die amptenaar op TEEVEE verkondig 'n redelike brutale leuen as hy sê *slegs* 495 000 swartes is hervestig *(sic)*. Selfs al was dit waar, bly dit siek. "Maar," sê hy kategories by: "dis tussen 1970 en 1980". Almal weet dié wette bestaan al van die vyftigerjare af. Maar in volkome dubbeldink aanvaar almal dit. En vergeet sommer gerieflikheidshalwe van die 300 000+ Kleurlinge wat hervestig is onder die groepsgebiede en ander wette. Maar hulle is mos nou in die nuwe bedeling en dus is dit irrelevant.

Almal weet hoe haglik die armoedesituasie onder die Swartes is en almal weet die 230+ apartheidswette het 'n reusebydrae daartoe gelewer. Maar danksy dubbeldink word konkrete getuienis en self-sien in die wind geslaan en propageer ons luidkeels saam: "Hulle is lui, hulle willie werk nie, hulle eie skuld!!"

So lyk Sydafrika in die jaar negentienhonderd-vier-en-tagtig. En salig gly ons dubbeldinkend, vals bewus en houtgerus, liplekkend en -smakkend na die uitgeperste vet (van andere) voort; onderweg na die (wit) utopie . . . Nog is dit die einde niet:

### Walgdink

Daar is ook Crimethought (noem dit sommer walgdink). In Oukwaak was dit vertaal met Kommunisme/Liberalisme. Tans is daar nie 'n gepaste wisselterm nie, behalwe dat crimethought altyd onpatrioties is. Die volgende woorde ressorteer onder crimethought: menseregte, stemreg (vir swartes), outonome vakbonde, een-man-een-stem, uitbuiting as gevolg van vryemarkstelsel, eenheidstaat, federale staat, objektief, akademies, krities, moreel-kritiese Afrikaners, Inkhatha, UDF, Beyers Naudé, Steve Biko, Azania en so kan 'n mens 'n eindelose lys opstel wat al langer en langer word namate meer en meer mense binne en buite Sydafrika die verwerplikheid van rassediskriminasie en apartheid (hetsy tradisioneel of oorgeblaas met 'n GT-sticker op) besef.

Crimethought word natuurlik sistematies afgeskiet deur TEEVEE en PESNARS. Moontlike misleides en gebruikers van crimethought (walgdink) word voortdurend tereggewys. Indien hulle nie bereid is om te luister nie kry hulle die volle behandeling — in volgorde, afhangende van sodanige persoon se steeksheid kan dit insluit openbare etikettering, en in die laaste instansie dissiplinêre optrede. Dissiplinêre optrede kan insluit inperking, aanhouding sonder verhoor of verbanning en alles wat daarby ingesluit is. So ± arbitrêr ook. Ook in Sydafrika kan crimethought lelike konsekwensies hê. Soos Orwell sê: "Thoughtcrime does not entail death: thoughtcrime is death".

Weliswaar nie altyd in die fisiese sin nie, maar wel in die sin van die dood van oorspronklike idees, voorstelle as gevolg van sosiale verwerping, ostrasering, inperking of isolasie.

Dit is vanselfsprekend dat met so 'n magtige sisteem, Groot Boet redelik seker is dat daar nie te veel bewusmaking en gevolglik te veel kritiek kan ontstaan nie. Die gemiddelde Burger Snoeks leef rustig in sy valse bewussyn sustende in die ideologie van Groot Broer. En Groot Broer lag lekker in sy mou want Orwell se voorspelling is volledig waar vir Sydafrika!

"Ignorance is Strength" en "Freedom is Slavery" en almal aanvaar dit. Jy kan hoogstens onentoesiasties meedoen, maar met so 'n sisteem agter Groot Boet spring jy maar as hy sê spring. Jy kan hoogstens poog om minder energiek te spring — mits jy dit kan doen sonder dat hy dit kan agterkom.

Sydafrika het ook sy eie Thoughtpolice. Hul metodes is miskien minder modern en eksoties — maar ewe doeltreffend. Hulle werk oortyd om die "hoogste koringare af te sny" om nou Opperman se Periandros van Korinthe hier op te haal. Hulle is orals en hulle doen dit uit liefde vir die saak. Hulle het natuurlik ook 'n groterwordende uitdaging (neerlaag in Crimethought) soos al meer en meer mense — proletariaat en dissipels van die binnekring — al minder en minder entoesiasties word oor Groot Boet en die onheilige drie-eenheid se aksies. As 'n mens nou een van die vyande van die binnekring moet aanhaal: "The struggle will go on. We could not achieve the new South Africa overnight, but we could begin to build it". (Luthuli, 1962: 206).

### Haat-sessies

Ondanks die gereelde haat-sessies wat die binnekring van waarheid deur middel van TEEVEE en PESNARS aanbied, word die weersin in Groot Broer se stelsel al meer en meer. Ook raak die dubbeldink te veel vir normale mense. Sewentig jaar terug was dit Engelse, veertig jaar terug die Liberalisme en humanisme (vandag nog), toe die Chinese en Swart Afrika, toe Swart Afrika en die Russe en nou die binnelandse bevolking-gekant-teen-hervorming. Dis nou die radikaliste, irrasionaliste, UDF en andere — ook die CNA en Rusland . . . want die verdrag van Tamati het die Swart Gevaar in die noorde skynbaar geneutraliseer (vir eers).

Die herhaalde kritieklose aanvaarding van die gereeld-hergedefinieerde ideologie wat as gevolg van druk gereeld moet aanpas om wit magsbehoud te waarborg, raak al moeiliker geloofbaar. Nogtans is daar 'n ongeloof-like vermoë tot dubbeldink by vele mense. Soos iemand skryf: "After all the things said by the Volkswag speakers are not so far removed from what was gospel only a couple of years ago". (*Frontline*, Junie 1984, Vol. 4, No. 9). Maar vandag is wit magsbehoud, eie identiteit en Volksgees, eie regte in kombinasie met hervorming en verandering 'n puik voorbeeld van dubbeldink. Om die waarheid te sê: Die hele Nuwekwaak is 'n voorbeeld van dubbeldink. Dit lyk of Sydafrika ook gedoem is tot ewige verslawing aan Groot Broer en die binnekring van waarheid se (mags) luste. Daar is ook dubbelplus goeie kwakers. Nogal volop. Hulle verkondig klakkeloos die binnekring se beleid sonder om te dink — presies nes dié in Oceanië. Baie praat en min dink. Dubbelplus goed!

### Aanpassing

Maar hier hou die ooreenkoms op. Groot Broer se rol is histories uitgespeel. Die "hoogste koringare" groei so vinnig en sterk dat selfs die hele sisteem hulle binnekort nie meer sal kan hanteer nie. Dan sal die aanpassing kom; hetsy langs 'n (vinnige) ewolusionêre weg of langs 'n pynliker weg.

Met Easton se dinamiese vloeimodel in gedagte, kan 'n mens dus konstateer dat die sisteem soveel druk van binne en buite ervaar dat hy onvermydelik sal moet aanpas of disintegreer in ('n) geweld(ige ontploffing). En nader kom die tromme wat ritmies klop: "Weg met Groot Broer! Weg met Groot Broer! Weg met Groot Broer!"

Dit beteken natuurlik nie dat die nuwe Suid-Afrika sonder pyn gebore sal word nie. Inteendeel — daar sal baie, baie slagoffers wees. Nuttige idiote van apartheid en nuttige idiote van die Marxisme en gewone stryders vir die Nuwe Suid-Afrika sal vir die afsienbare tyd mekaar se gorrels wil uitskeur. Maar deur dié pynlike katarsis sal ons voort moet beur na 'n nuwe Suid-Afrika. Laat ons hoop dat daar genadevol die minimum pyn vir die minimum tyd oor dié land, onderweg uit die vorige eeu, na die 20ste eeu, sal wees. Laat ons hoop dat in die keuse tussen minder pyn en baie pyn, almal (wyslik) sal kies vir minder pyn terwyl die geskiedenis van dag tot dag geskryf word.

So val die kaarte dan een vir een in hul plek en kan ons alreeds afwagtend uitroep:

"To the future or to the past, to a time when thought is free, when men are different from one another and do not live alone — to a time when truth exists and what is done cannot be undone: From the age of uniformity, from the age of solitude, from the age of Big Brother, from the age of doublethink — greetings!"




Raak u Verloof?
lees dan verder . . .

*Die besluit om verloof te raak is een van die belangrikstes in u lewe . . . die keuse van die regte verloofring byna net so. Gelukkig is daar 'n diamantdeskundige op wie u kan vertrou en u met raad en hulp sal bystaan.*

*Spectra Diamante is 'n diamantsaak met eie goudsmeewerke wat diamante en monterings teen groothandelpryse direk aan die publiek verskaf. Besparings van tot 50% is moontlik op kleinhandel pryse.*

*Daar is 'n groot verskeidenheid verloofringe sowel as los diamante en monterings om van te kies.*

*Elke diamantring word verskaf met 'n volledige graderings-en-waardasie sertifikaat . . . u waarborg van egtheid en gehalte.*

*Kom gesels met Jimmy Taylor, hy sal u help om diamante te verstaan en om die beste keuse binne u begroting to maak. Of, skryf vir ons gratis brosjure; "Kies 'n Diamant".*

SPECTRA DIAMANTE
Sabelsentrum Nr 7
H/v Voortrekker & Durbanweg
Bellville Tel 97 5552

MOENIE JOU HANDE VUILMAAK NIE!




Besoek ons vir 'n volledige bandediens

KILO TREADS

STELLENBOSCH
Birdstraat 182,
☎ (02231) 73115

PAARL
Jan van Riebeeckweg
☎ 2-1637
Parow: Tredouxstraat, Parowvallei,
Tel: 931-7356



Charl Rorich, winner of the 1984 Matie squash championships, in action during the final. Rorich won the title for the first time in his 8 years at Stellenbosch.

## SQUASH CHAMPIONSHIPS

# Rorich makes it at long last

David van der Westhuyzen

CHARL RORICH, stalwart of the Stellenbosch Squash Club for eight years, was rewarded for his dedication with a breathtaking victory over Carl Fischer in the Matie Squash championships. Rorich won the match 3—1. Mark Engelbrecht had a relatively easy win over Craig Cleaver in the play-off for third place.

Fischer has been the undisputed number one in the club for the last two years. On each occasion he has had a very tough semi-final encounter against Cleaver.

### Purple patch

Fischer won the first game 9—5. There was not a lot of activity in this game. Both players were feeling each other out. The second game was very even. The last couple of points were particularly good. Both players were forced to move around a lot. Rorich managed to win this game 9—7.

Rorich began his purple patch in the third game. He demonstrated his full range of shots and hit nick after nick. Fischer only managed to serve seven times in the whole game. Rorich won the fourth game 9—4 on his third match point. Continuing his phenomenal run of nicks he reached eight before Fischer got a point. Fischer seemed to relax and this tactic gave him four points before Rorich clinched the game and match.

The play-off for third and fourth place was disappointing. Engelbrecht won 9—6, 9—3 and 9—7. It was apparent that Cleaver had not yet recovered from his punishing semi-final. He was very lethargic in the first two games and below his best in the third.

Engelbrecht played well and seldom looked in trouble. He is also the fittest and fastest player in the club. Engelbrecht amused the spectators by sitting down mid-way through one rally and then going on to win it.

### Skill

Both semi-final matches were magnificent and went with the seeding. In the top half Fischer defeated Cleaver and in the bottom half Rorich defeated Engelbrecht. A feature of the squash in the club through the year was the closeness between the top five players. Dave Bester, seeded two, was unfortunate not to reach the semi-finals.

The match between Rorich and Engelbrecht proved to be very entertaining. Rorich demonstrated some tremendous racket skill while Engelbrecht demonstrated some phenomenal retrieving. The final score was 9—6, 5—9, 9—2, 0—9 and 9—4 to Rorich.

The other semi-final was brutally tough with Fischer eventually winning 9—7 in the fifth game. There was little to choose between the two players in the first game which Fischer won 9—7. This game set the pattern for the next three games. The players were playing the ball early to take the pressure off themselves and put it on their opponent.

### Tough

The second game was also very tough. Fischer reached eight first but Cleaver was able to recover to 9—8 before letting it slip. Fischer eventually won 10—9. The third was the toughest game of the match. There were some exceptionally long rallies in this game. During the second last point Fischer looked a little tired for the first time.

After winning the third game 9—5 Cleaver cruised through the fourth game to win by the same score. The fifth game was a very different game to the previous four. Both players volleyed much less and the ball was played off the back-wall for most of the game. The score remained level up till seven-all. Fisher clinched the game at 9—7.

It is unfortunate that there was no plate event in the competition since the championships were organised in a very short period of time. There was also a disappointing response from non-league players.

## Charl Rorich — a dedication

CHARL RORICH has proved to be an invaluable asset to the Stellenbosch squash club ever since his arrival in 1977. Hampered by injuries since his arrival here, Charl has been fighting to reach the form he had when he was playing in the Northern Transvaal first team whilst in the army.

### Northern Transvaal

Charl completed his matric at Pretoria Boys High. At school he mainly concentrated on squash but played a little of every sport that was provided at school. This include hockey, cross-country and golf.

It was in the army at Youngsfield and Pretoria that Charl played his best squash. He represented Northern Transvaal and won the Northern Transvaal Closed Championships.

### Injuries

Playing squash of this standard at such a young age only meant that much more was expected from Charl. Unfortunately this was not to be because as soon as he came to Stellenbosch his luck changed. A series of injuries cropped up that will prevent him from ever reaching his true potential.

The first injury that struck Charl was shinsplints. He had an operation in 1977 and another three in 1978. This caused him to miss out two years of squash. He didn't play any league matches in this time. In 1979 he tore a hamstring. This injury has been recurring since then.

In 1982 he had a car accident in which he suffered a compressed fracture in his spine. This injury and the hamstring injury has been the cause of his only being able to play half a season at a time. Charl's run of bad luck seems to have come to an end. One hopes that his victory in the championships forespells more victories of this nature in the future.

### Tips

Charl is completing the degree B.Sc. Forestry at the end of the year. He has already acquired the degree B.Econ. He intends to become a forester in the Pietermaritzburg area.

Charl's next aim in sport is to represent Natal. May we wish him luck in his next goal. With his motto: "Go in as the underdog", he's bound to succeed.

Charl has three tips to all squash players. Watch the ball, get the opponent behind you and RELAX!

# *Du Toits rig Maties af*

Chris Hunsinger

DANIE EN ANDRÉ DU TOIT staan nie net aan die spits van Universiteit Stellenbosch se krieketafrigting nie, maar grond hul kennis op huidige ondervinding en ewe treffende rekords. Alhoewel hulle nie familie is nie, bestaan daar noue kontak en ooreenstemming in hul afrigting.

Danie kan as 'n volwaardige "allrounder" beskou word. Sy prestasies word as kolwer en bouler (5 vir 32) geëwenaar, terwyl André 'n beste kolftotaal van 117 lopies aangeteken het vir Boland teen WP-B.

As openingskolwer het André reeds van jongs af gepresteer in Kenhardt, waar hy groot geword het. Hy was nie net 'n gereelde eerstespanspeler vir sy skool nie, maar het ook in st. 8, 9 en 10 vir Griekwaland-Wes en die Nuffieldspanne gespeel.

Gedurende André se studenteloopbaan het hy 4 jaar agtereenvolgend vir die SAU B-span gespeel. André het as openingskolwer in sy eerste provinsiale wedstryd vir Boland 'n honderdtal aangeteken teen WP-B en maak tans deel uit van die WP-B oefengroep op Nuweland.

Danie het veral skerp in die kollig gekom deur drie agtereenvolgende sesse te moker van die bekende Rhodesiese bouler Richie Kachula. Nie net was hy van laerskooldae al draer van die Disa nie, maar het hy reeds van st. 8 die WP-B span verteenwoordig. In 1978 is hy as WP-A speler verkies en maak sedertdien goeie vordering.

Beide die Du Toits het aan die begin van hierdie jaar hul afrigting aan die Universiteit begin. Hulle is dit eens dat daar baie talent en entoesiasme is en dat hulle taak gegrond is op afronding en "die stuur daarvan in die regte rigting."

Hulle afrigting is tans gerig op die SAU-toernooi wat van 3 tot 7 Desember in Johannesburg beslis word. 'n toer vir die res van die klubspelers word gedurende dieselfde tyd beplan na die Oos-Kaap.

Ondersteuning blyk 'n groot behoefte te wees by die afrigters sowel as by die spelers. Op Saterdag 27 Oktober word die eerste span se tweede beurt voortgesit teen Vishoek op Coetzenburg en almal is welkom om dit by te woon. Toegang is gratis en 'n spannende wedstryd word verwag.

**PUPPY LOVE, vervaardigers van die amptelike 1985 Karnavalhempie, kondig aan dat die hempies beskikbaar is vir bestelling by die Karnavalkantoor vanaf Dinsdag 30 Oktober.**

**(Plaas bestelling vroeg om teleurstelling te voorkom)**

puppy love
STELLENBOSCH
TEL. 3866

## VAKANSIEWERK

Studente wat werk soek vir die vakansie kan navraag doen by die Universiteit se werksburo in die SR-kantoor. Werkgewers kan ook besonderhede i.v.m. vakansiewerk by die SR-kantoor laat.



Gerard Venter, skrumskakel van Helshoogte bars deur 'n losskrum in die Sauer-finaal. Helshoogte het die wedstryd teen Dagbreek met 24—8 gewen. Die wedstryd het nooit groot hoogtepunte bereik nie, maar albei spanne, veral Helshoogte, het 'n paar keer mooi beweeg met die bal.

## EREKLEUREDINEE

# Meyer en Burger ontvang trofeë

David van der Westhuyzen

ANNEMARIE MEYER en Kobus Burger is op die jaarlikse erekleuredinee as die Universiteit van Stellenbosch se sportvrou en sportman van die jaar aangewys.

Kobus Burger het sy prestasie op die atletiekbaan te danke aan harde werk en toegewydheid. Hoewel hy die afgelope ses jaar reeds 'n gereelde lid van die WP-span is, het hy sy eerste medalje op 'n SA-kampioenskap verlede jaar eers gewen. Burger het die 400 m hekkies-titel op 'n SA kampioenskap ver- — en daarmee die goue medalje — gewen.

Burger is tans die veertigste vinnigste man in die wêreld oor die 400 m hekkies en ook 'n junior Springbok. Hy het sy junior Springbokkleure vanjaar verwerf.



Annemarie Meyer, Springbok-hokkiespeler in aksie in 'n wedstryd vir Stellenbosch.

In Suid-Afrika is Burger een van slegs vier atlete wat die 400 m hekkies al onder 50 sekondes afgelê het. Hy spog met 'n beste tyd van 49,98 s.

Kobus het op Porterville gematrikuleer. In matriek het hy nie net die WP-atletiekspan gehaal nie, maar ook vir Boland se Cravenweekspan vleuel gespeel. Na skool het hy hom op atletiek toegespits.

Hy is tans 'n honneursstudent in Bedryfsekonomie en 'n inwoner van Eendrag.

Kobus is ook 'n goeie 400m en 800 m-atleet. Hy het die 800 m al in 'n tyd van net oor die 1:50 afgelê.

Die Sportvrou van die Jaar-trofee is vanjaar aan die Springbok Annemarie Meyer toegeken. Haar toegewydheid aan hokkie en binnenshuis-hokkie maak haar 'n volwaardige wenner van dié prestige trofee.

Vanaf haar skooldae het sy haar slag op die sportveld gewys. Annemarie het aan die Hoërskool Voortrekker Bethlehem in 1979 gematrikuleer. Sy het Noord-Vrystaat in hokkie verteenwoordig. Sy het ook Vrystaatkleure vir atletiek ontvang.

In haar eerstejaar op Stellenbosch het sy hokkie vir Maties se derde span gespeel. Sy verteenwoordig Stellenbosch by die SAU-kampioenskappe en haal ook die WP o.21-span. Die span het die Nasionale Kampioenskappe gewen.

In 1981 haal Annemarie die US se eerste hokkiespan. Sy verteenwoordig weer die WP-span en behaal 'n plek in die SAU-span. Annemarie se prestasies gaan van krag tot krag en in 1982 ewenaar sy haar prestasies van die vorige jaar en word boonop 'n Springbok. Dieselfde jaar speel sy binnenshuis-hokkie vir die Skiereilandspan.

Sedertdien is WP-kleure vir binnenshuis-hokkie by die lang lys van prestasies gevoeg.

Annemarie studeer tans vir haar Hoër Onderwysdiploma. Sy het verlede jaar die graad B.A. Liggaamlike Opvoedkunde met Sielkunde as hoofvak verwerf. Sy was die afgelope twee jaar op die Huiskomitee van Huis Ten Bosch.

Me. Meyer is volgende jaar verlore vir die WP. Sy gaan skool hou in Barkley-Wes. Op die stadium wil sy ook graag 'n ruskans neem na die afgelope ses jaar se harde werk.

BY die kleuredinee is die volgende sport-erekleure ook uitgedeel.

**Atletiek:** J. Loots, I. Kotze, P. Roux, T. Pellissier, S. Donald, L. van Zyl, G. Hattingh, H. Engels, T. Theron, L. Quenet, G. Fish, Mejj. B. Conradie, A. Brink, A. le roux, H. vd Heever.
**Gholf:** A. van Niekerk, A. Streicher.
**Krieket:** M.D. Mellor, S. O'Kennedy.
**Onderwater:** A.P. Schmidt, D.J. Hanekom, J.A. Botes, M. Viviers, Mejj. K.D. Thompson, D. Napier.
**Tennis:** B. MacKenzie, Mejj. H. de Villiers, S. Botha, B. Stegman, E. Gordon.
**Swem:** Mejj. B. Biebuyck, E. Lombard, mnr. A. Laubscher.
**Duik:** Mej. L. Gardiner en mnr. M. Lobb.
**Sierswem:** Mejj. S. Everitt en G. Kennedy.
**Waterpolo:** J. Breetzke, C. Buchanan en T. Piek.
**Branderry:** C. Buitendag, J.J. Visser, W. v. Rooyen.
**Dameshokkie:** Mejj. A. Croxford, A. Meyer, A. Walker, Z. Calitz en mev. R. Rose-Innes.
**Fietsry:** W. Engelbrecht, F. Kotze, W. vd Merwe.
**Judo:** C.C. Beyers, C. Alberts, F. Moller, G. van Dyk, J. Conradie, G. Beukes.
**Kanovaart:** A.A. Smit, M.L. marais, L. McGregor, Mejj. D. Franklin, R. Lincoln.
**Manshokkie:** J.H. Black, L.S. Jubber, T.R. Norris-Jones.
**Netbal:** Mejj. V. Wessels, B. Waite, S. Venter, C. Ehlers, E. Kruger, A. le Roux, mev. R. Bosch.
**Pluimbal:** A. Jacobs, R. Kritzinger en mej. J. Cerff.
**Rugby:** P.J. Smit, J. v. Heerden, C. du Plessis, F. Ebersohn, N. Burger, B. de Wet, F. Knoetze, M. du Plessis, D. Serfontein, F. Ferreira, A. Strauss, S. Povey, P.G. du Toit, G. Smal, H. Bekker, N. Hugo, A. Markgraaff, C. Cronje, S. Burger, J. Durr, M. Reitz, J. Claassen, A. Slabber, B. Visser, K. Burger, H. Pretorius, A. Pfaff, A. Potgieter, S. Webber, J. Stander, P. Bouwer, C. Smit, C. Kroon.
**Skerm:** P.B. Southwood.
**Sokker:** M. du Plessis, N.C. Paskin, T.L. Horrel.
**Toutrek:** G.J. van Eeden, A. Rabe, N.J.M. Visser, S. v.d. M. Olivier, J. Kriel, D.G. vd Westhuyzen, G. v. Zyl, K. Briers-Louw, J. Coetzee.
**Vlugbal:** M. Siroky, G. Vrahimis, G. Fitzhenry.
**Veldwedloop:** S. Donald, V. Kriel, P. Kloppers.



Kobus Burger seil oor 'n hekkie. Burger is 'n junior Springbok en houer van die WP-huishoudelike rekord in die 400 m hekkies.

# *Dameshokkiespan toer suksesvol, wen vier uit ses*

Ronel van Coller

GEDURENDE die Septembervakansie het 'n damespan van die Universiteit van Stellenbosch 'n suksesvolle hokkietoer gehad. Aanskoulike hokkie is gespeel. In Mosselbaai het hulle teen 'n gekombineerde damespan gespeel wat vyf mans ingesluit het.

Vier van die ses wedstryde is deur die Maties gewen en een wedstryd het gelykop geëindig. Die gekombineerde hokkiespan het bestaan uit veertien klubspelers onder leiding van me. Jackie Wiese.

Op 28 September het die span met twee kombi's vanaf Stellenbosch vertrek. Die toerkoste was R250 per persoon wat alle onkoste gedek het. Die spelers het altyd bymekaar gebly en nie by verskillende huise soos gewoonlik nie. Dit het volgens me. Wiese bygedra tot 'n baie goeie spangees.

Die eerste wedstryd was 'n baie spannende wedstryd teen Mosselbaai se gekombineerde "damespan". Ten spyte van die vyf mans in die span het die Maties 4—3 gewen. Die wedstryd teen George se dorpspan beskou me. Wiese as die beste wedstryd van die toer. Stellenbosch het veral die tweede helfde baie goed gespeel en 3—1 gewen.

Die wedstryd wat verloor is teen Oudtshoorn se damespan was die gevolg van 'n baie druk toerprogram. Daar is ses wedstryde in sewe dae gespeel. Die sterkste teenstand was die George Leërvrouekollege. Die wedstryd het dan ook gelykop 0—0 geëindig.

Me. Wiese sê dis moeilik om iemand uit te sonder maar Sanette Neethling en Lucy Quintal kan as die uitblinkers beskou word. "Dit dien daarop te let dat me. Quintal 'n eerstejaar is wat baie belofte toon", het me. Wiese gesê.

Die volledige uitslae van die toer is:

Mosselbaai wen 3—1
George dorpspan wen 3—1
George Leërvrouekollege 0—0
Knysna skolespan wen 6—2
Oudtshoorn dames verloor 1—2
Oudtshoorn skolespan wen 5—1.

# Atletiekklub beplan luisterryke eeufees

**DIE Matie-atletiekklub beplan 'n luisterryke eeufeesviering vir 1985.**

**Volgens mnr. Jannie Momberg, voorsitter van die klub, sal elke byeenkoms vanaf die Kellerprinz-droommylbyeenkoms op 10 November 1984 tot aan die einde van 1985 deel uitmaak van die eeufeesvieringe.**

**Een van die vele hoogtepunte is 'n byeenkoms wat op 21 Maart 1985 op die Braak gehou gaan word. Presies 100 jaar gelede, op 21 Maart 1885 is die heel eerste atletiek-byeenkoms daar gehou. Die byeenkoms sal so na as moontlik aan die oorspronklike aangebied word, met die klem op deelname eerder as prestasie.**

**Verskele eeufees-aandenkings, onder andere 'n spesiale das wat R100,00 gaan kos, sal te koop aangebied word.**

**Alle reëlings is nog nie gefinaliseer nie, maar daar kan met vertroue aangeneem word dat volgende jaar 'n hoogtepunt in die atletiekklub se geskiedenis sal wees.**



Michael du Plessis, Springbok-senter van Stellenbosch en die WP, laat loop die bal in 'n wedstryd vir die WP.

# Derde Du Plessis maak sy buiging

**MICHAEL DU PLESSIS, broer van die Springbokke Carel en Willie, het Saterdag teen die Jaguars sy buiging in internasionale rugby gemaak.**

**Die Du Plessis-broers is slegs die derde stel van drie broers wat vir die Springbokke speel. Wat hulle nog meer uniek maak, is die feit dat al drie hulle debuut as senter gemaak het. Carel is vir 1981 se toer na Nieu-Seeland as senter gekies. Teen 1982 se Jaguars is hy vleuel toe geskuif.**

**Michael kan met reg as 'n ontdekking van Dok Craven beskou word. Dok Craven het hom in 1982 van nêrens af gebring en as losskakel ingespan teen die Tukkies. Dit is reeds geskiedenis dat Michael 'n sleutelrol gespeel het in die Maties se eerste wegoorwinning oor die Tukkies.**

**As losskakel het Michael die "flair" aan WP se agterspel verleen wat op daardie stadium só nodig was. Sy onortodokse spel het daartoe bygedra dat die WP drieë gedruk het.**

**Dit was juis hierdie onortodoksheid, sowel as sy humeur wat veroorsaak het dat hy weggelaat is uit die WP-span. Dok Craven het hom senter toe geskuif en hoewel die WP hom later weer op losskakel gebruik het, het Stellenbosch hom op senter gehou.**

**Nadat John Villet en Faffa Knoetze beseer is, het Michael teruggeskuif senter toe en die keurders sodanig beïndruk dat hy vir die Springbokspan gekies is.**

**Saterdag het hy 'n stillerige wedstryd gehad, maar getoon dat hy 'n waardige draer van die Groen en Goud is.**


NOU
In die
Amerikaanse
sagte pakkie
L&M
SUCCESSORS TO LIGGETT & MYERS
L&M
FILTER KING
L&M
FILTER KING
Kry die beroemde Amerikaanse smaak
LIGGETT & MYERS. TABAKKENNERS SEDERT 1873.
NOU HIER VERVAARDIG IN LISENSIE VAN DIE OPVOLGERS VAN LIGGETT & MYERS TABAKMAATSKAPPY, DURHAM, NOORD-CAROLINA, V.S.A.